



Oorlogvoering teen die Heiliges

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

OORLOGVOERING TEEN DIE HEILIGES

1 Timoteus 4:1

'Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang'.

Openbaring 13:7

'Dit is ook aan hom (die Dier) gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie'.

Inhouds opgawe

1. Onkunde en misleiding.
2. Die oorlog in die heelal.
3. Oop deure vir die bose.
4. Die Gees en die geesteswêreld.
 5. Afgodery.
6. Hoe kom demone in mense in?
 7. Die waarde van bevryding.
 8. Verlossing van die bose.
9. 'In My Naam sal julle duiwels uitdryf'.
 10. Demoon-manifestasies.
 11. Hoe om self bevry te word.

ONKUNDE EN MISLEIDING

Daar is 'n ewige oorlog tussen lig en duisternis – tussen die mens wat geskape is na die beeld van onse Here Jesus en Satan en sy bose magte.

Maar in **Openbaring 13:7** staan:

'Dit is ook aan hom (die Dier) gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie'.

Die groot vraag is dadelik:

Hoe gaan die Dier dit reggekry om ons te oorwin?

In hierdie oorlog wat ons voer teen die Teenstander, die Dier, is daar alreeds baie veldslae geveg. Die intensiteit gaan toeneem soos wat ons nader beweeg aan die klimaks wat nog voorlê.

Oor die jare is daar alreeds soveel geskryf hieroor.

Die tragedie is dat daar soveel skrywers was wat totaal deur emosie weggelei is van die waarheid.

Aan die anderkant was daar nog altyd die negatiewe bonatuurlike magte (bose mag) wat die waarheid probeer keer het asook die werking van die Heilige Gees.

U moet weet dat in hierdie dae daar 'n geweldige aanslag deur die vyand is op die vlak van geestelike misleiding.

Dis 'n baie groter aanslag as wat daar is van wêreldse versoeking.

Die kerk is werklik nie ten volle voorbereid vir dit nie.

Dis die leuens en misleiding van die vyand wat ons nederlae toedien.

Dis mismoedigheid en twyfel wat inkom wat ons effektiwiteit as Christene beïnvloed.

Daar is soveel Christene vandag wat voel dat hulle nooit mislei kan word deur die vyand nie.

Al voel jy so mede-gelowige, weet dat dit nog altyd moontlik is.

Waarom het Satan vir Jesus Christus in die wildernis gaan versoek?

Kon Jesus geval het vir die versoeking?

Satan het gedink hy het 'n kans, daarom het hy dit gedoen.

Hy gaan jou ook nie uitlos nie!

Ek glo ook aan die anderkant dat 'n gelowige werklik by 'n punt kan uitkom waar die duiwel se kanse werklik baie klein is om iets met hom uit te rig.

In die oorlog teen die bose is daar twee baie belangrike faktore:
Onkunde en misleiding.

Dit is waarom Paulus vir ons skryf in **1 Korinthiërs 10:12**;
'Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.

Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie'.

Wat dink jy is Satan se plan vir jou en vir my?

Wat maak dat hy so aanhoudend veg teen ons?

Is dit dalk om ons in onkunde te hou oor sy bose planne en oor die geeste wat hom help met sy vernietigingswerk?

Indien ons in onkunde bly, word ons so maklik teikens vir sy misleiding – dit was nog altyd sy taktiek.

As Satan eers die deur kan oopmaak met sy misleiding, sal hy voortgaan om by jou te steel, jou te slag en jou te verwoes.

(Johannes 10:10)

Daar was nog nooit so 'n groot voorbeeld as die verhaal in die Tuin van Eden van mens se onkunde wat gelei het tot sy val nie.

Dit gebeur vandag nog net so in die kerk – onder Christene.

Daar is 'n profetiese woord in die Bybel waarop ons moet let.

1 Timotheus 4:1

'Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang'.

Is hulle tans in geloof? Ja. Kan hulle nou mislei word? Ja.

Dis baie duidelik dat daar in die 'laaste dae' 'n geweldige aanslag op die kerk gaan wees deur 'misleidende geeste'.

Ongelukkig staan die kerk nog in 'n posisie waar hy nog nie bereid is om dit te aanvaar of hieroor te praat nie.

Die meeste gelowiges glo dat as iets bo-natuurlik is, dit God moet wees. Hulle sê dat as Christus gepreek word, dit nie nodig is om enige aandag aan die bestaan van die duiwel of die hel te gee nie.

Dis tog misleiding.

Kennis van die kragte van duisternis kan alleenlik verstaan word deur 'n kombinasie van die kennis van die Skrif én persoonlike ondervinding. Die Bybel gee aan ons soveel lering oor sataniese kragte, maar hulle wat al geestelike ondervindinge van die manifestasie van bose geeste gesien het en wat gelei is deur die Heilige Gees in hierdie tye, sal vir ons die meeste kan leer.

Skrif, sonder persoonlike ondervinding, gee nie aan die gelowige genoegsame kennis van die verskil tussen die positiewe en die negatiewe bonatuurlike wêreld nie. Die gevolg is dat gelowiges dan makliker mislei kan word op hierdie vlak.

Die gelowige mag duidelike aanduidinge in sy gees ervaar oor sekere sake, maar ons het almal fisiese waarnemings ook nodig.

Misleiding is die vyand se sterkste wapen:

Eerstens moet ons besef dat om mislei te word deur die duiwel nie outomaties stop die dag as ons Christene word nie.

Dis alleenlik wanneer jy die lig van die waarheid oor sekere sake begin verstaan, dat jy hom kan teenstaan.

Soveel persone is gebore met 'n natuurlike toestand dat hulle maklik mislei kan word. Hierdie toestand verander nie direk na wedergeboorte nie. Dis waarom so baie wegtrek vol geloof en moed, maar baie gou weer terugval in die lewe wat hulle voorheen gelei het. Skielik glo hulle weer die leuen wat hulle al so lank gevangene gehou het.

Wanneer is jy mislei?

* 'n Persoon is mislei as hy glo dat slegs 'n deel van die Bybel belangrik is, en ander dele nie.

* 'n Persoon is mislei as hy glo dat die Ou Testament geen rol verder in sy geestelike lewe kan speel nie.

* 'n Persoon is mislei as hy die maagdelike geboorte van Jesus Christus en Sy kruisiging ontken.

Wie doen dit? Professore en kerkleiers doen dit. Dis geen wonder dat as hulle mislei is, die hele kerk ook nie mislei kan wees nie.

* 'n Persoon is mislei as hy glo dat die Duiwel hom gaan uitlos nadat hy tot bekering gekom het. Moeder Eva in die Tuin van Eden het ook so gedink, maar Satan het haar kom versoek terwyl sy elke middag nog in Vader God se teenwoordigheid was.

* 'n Persoon is mislei as hy slegs 'n 'hoorder' en nie 'n 'dader' van die Woord van God is nie. (**Jakobus 1:22**)

'En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie'.

- * 'n Persoon is mislei as hy sê hy het nie sonde nie.
(**1 Johannes 1:8**) 'As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie'.
- * 'n Persoon is 'mislei wanneer hy dink hy is iets, terwyl hy niks is nie'. (**Galasiërs 6:3**)
- * 'n Persoon is mislei wanneer hy dink dat hy wys is deur die wysheid van die wêreld. (**1 Korinthiërs 3:18**)
'Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word'.
- * 'n Persoon is mislei as hy dink hy is godsdienstig.
(**Jakobus 1:26**)
'As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs'.
- * 'n Persoon is mislei as hy dink hy kan saai, maar nie oes wat hy gesaai het nie. (**Galasiërs 6:7**)
'Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai'.
- * 'n Persoon is mislei as hy dink dat onregverdiges ook die koninkryk kan beërwe. (**1 Korinthiërs 6:9**)
'Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God **nie** sal beërwe nie?'
- * 'n Persoon is mislei as hy dink dat kontak met sonde geen effek op hom sal hê nie. (**1 Korinthiërs 15:33**)
'Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes'.

Misleiding:

Hierdie woord is 'n aanklag en hoe haat ek dit as ek besef dat dit op myself ook van toepassing is.

Die Bedrieër is al die tyd daarmee besig om my te verhinder om die waarheid te verstaan en om my te verhinder om daarvan los te kan kom.

Hoeveel keer het ek stilgestaan en besef: Ek verstaan net nie alles nie. Ek weet nie alles nie en ek is blind vir my eie tekortkominge. Dan besef ek dat as iemand my tien jaar gelede hierdie waarheid geleer het, ek al lankal vry kon gewees het!
Hoeveel jare het verlore gegaan.

Het jy die afgelope tyd gedink aan die foute wat ander mense maak – ons leiers, ons regering, ons kerke?

Dan besef ons dat mense dinge doen sonder om te besef wat hulle regtig maak.

Take word verrig sonder dat hulle enige rekenskap kan gee waarmee hulle besig is.

Geld, grond en menseleuens word geneem – sonder om te dink aan die gevolge daarvan, en dan is almal altyd gereed om ander te blameer of 'n verskoning aan te bied.

Dis alles misleiding! Maar, in die kerk gaan dit ook so!

Ons moet nou eenmaal uitroep:

'Gaan ons nooit leer nie? Gaan ons nooit verstaan nie?'

Gaan ons in die kerk aanhou seminare en vergaderings hou oor sonde wat toegelaat is, en dit nou wil regverdig?

Het emosie so 'n groot rol begin speel dat as gevolg daarvan daar vrees is oor hoe ander gaan optree?

Daarom laat ek dit liever maar net toe.

Ons is mislei oor jare, en genoeg is genoeg. Die duiwel kan nie net aanhou om sekere dinge vir ons weg te steek nie.

Hy steel van die liggaam van Christus en ons het weinig positief wat ons vir ons kinders kan nalaat.

Die oomblik as ons nou kom en vir die kerk leer dat die duiwel en die hel 'n werklikheid is, is daar teenstand.

Die werke van die bose is besig om mense op alle vlakke te mislei. Daarom is daar misleiding **eerstens** vir diegene wat weggehou word van die verlossing van Jesus Christus en word bekering so gekeer. Hoeveel mense kom nie werklik by God uit oor hardkoppigheid en tradisie nie!

Tweedens word Christene wat in die kerk is, maar volhou met hulle sondige lewe, net daar vasgehou.

Skielik is saambly en sonde nie regtig so ernstig nie – óf is dit?

Derdens is daar Christene wat smag om na 'n hoër vlak van intimiteit met Christus te gaan, maar net nooit daar uitkom nie.

Hierdie is alles tekens dat ons in 'n geestelike oorlog verkeer – en die prys waarvoor daar geveg word is ek en jy.

Waarskuwings oor die laaste dae:

Die liggaam van Christus in die kerk smag na 'n groter werking van die Heilige Gees onder hulle: Meer wonderwerke, meer openbaringe en groter geestelike herlewing.

Hierdie volwasse Christene in die kerk se aanslag word al groter.

In Mattheus waarsku die Here ons teen hierdie dinge:

Mattheus 24:4-5,11,24

(4) 'En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

(5) Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.

(11) En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

(24) Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei'.

Met wie en van wie het Jesus hier gepraat? Met jou en met my.

Daar is 'n spesiale vorm van misleiding vir volwasse Christene:

Christene gaan met geestelike dinge mislei word en nie met wêreldse versoeking nie. Omdat volwasse Christene 'n groter verwagting het vir die terugkeer van Jesus Christus en vir geestelike dinge, is hulle baie meer ingestel op enige bonatuurlike invloed.

Dis waarom hulle makliker mislei gaan word deur vals Christusse en vals tekens en wonders. Hulle wil graag die manifestasie van die bonatuurlike sien – sonder die nodige onderskeiding

Kom ons lees weer **Mattheus 24:11 en 24:**

Hulle gaan mislei word op hierdie vlakke: Vals leringe en tekens en wonders wat hulle nie kan verklaar nie.

Dit wat die Bedrieër gaan doen sal so na aan die waarheid wees dat die kerk gaan sukkel om dit te onderskei.

Kom ons kyk na die raad wat Paulus aan Timotheus gegee het hieroor. Hierdie was nie net vir hom nie, maar vir die kerk van vandag. **1 Timotheus 4:1-2;**

'Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete'.

Ons moet nie net dink dat tekens en wonders net van God af sal kom nie.

Openbaring 13:13;

'Hy (die Dier) doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van mense'.

Die sleutel lê hierin dat 'kennis van die waarheid' die enigste waarborg is teen misleiding.

Christene moet weet wat is van God en wat is van Satan en moet dit kan bewys onder alle omstandighede.

Die woorde van die Here in **Mattheus 24:25**, 'Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê', beteken dat jou eie persoonlike kennis van die gevaar, die Here se manier is om jou te bewaar.

Gelowiges wat blindelings staat maak op wat hulle sien as die 'krag van God', sonder dat daar 'n openbaring in hulle is, sal hulle gereeld vasloop in nuwe misleiding. Ons het beskerming nodig.

Efesiërs 6:10-11

'Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel'.

Let op: Nie kragtig in onself nie, maar **kragtig in die Here** en in die **krag van Sy sterkte**.

OORLOG IN DIE HEELAL

Daar is 'n globale oorlog in die geestelike realm aan die gang.

Die wêreld is grootliks onbewus van wat elke oomblik gebeur tussen die engele van God, onder leiding van die Heilige Gees en die bose magte onder Satan.

Hierdie oorlog word nie net in die hemele geveg nie, maar ook op aarde en ook in mense en tussen mense.

In die Bybel word hierdie oorlog geskets deur Paulus in

Efesiërs 6:10-11;

'Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy

sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel’.

Hier word ons deeglik bewus gemaak waarin ons betrokke is. Ons teenstander is die duiwel self, met al die magte tot sy beskikking.

Efesiërs 6:12;

‘Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug’.

Hier is ‘n oorlog aan die gang en ons almal is betrokke – of ons dit besef of nie. Die vyand waarmee ons te doen het is nie ‘n mens nie. Ons veg teen die onsigbare magte van Satan wat in hierdie tyd die wêreld oorheers.

Die gevalle engele wat saam met Lucifer uit die hemele gewerp is, tree nou op aarde op as ‘demone’, ‘gevalle engele’, ‘bose geeste’ óf ‘onrein geeste’. Dis alles name vir presies dieselfde wesens.

Die magte van Satan is opgedeel in ‘n goed gestruktueerde en georganiseerde koninkryk.

Hierdie koninkryk en sy basis is geleë in die hemele.

In Efesiërs staan duidelik dat almal – alle Christene – hierby betrokke is. Dit is nie net die predikante, sendelinge of evangeliste wat moet verdedig en aanval nie, dis ons almal. Die besef dat hierdie oorlog vir ewig gaan duur totdat Jesus Christus weer terugkom, het nog nie mooi by almal ingesink nie. Daar is net te veel wat op die kantlyn staan en voel dat hulle onbetrokke is.

Satan het ‘n hoogs-georganiseerde aanvalsplan.

In hierdie plan is daar verskillende vlakke van mag en outoriteit.

Hierdie koninkryk bestaan vanaf die begin van die wêreld en die teenstand sal nooit verander nie.

Mense vra nog elke dag: ‘Is daar regtig iets soos demone?’, terwyl Jesus Christus in Sy bediening die hele tyd daarteen geveg het. Het Hy dan nie ook gesê dat ons dieselfde sal doen as Hy nie?

In **Mattheus 12: 22-28** is die verhaal van Jesus Christus se kontak met bose geeste in ‘n duiwelbesete man. Hierdie man was blind en stom en word totaal bevry en gesond gemaak nadat die bose geeste uit hom uitgedryf is.

Dis baie duidelik hier dat bese geeste verantwoordelik was vir sy siekte. Jou emosionele lewe en jou liggaam kan deur Satan aangeval en vernietig word. Terwyl jou gees aan God se Gees gekoppel is, kan die Satan nie daaraan raak nie.

Mattheus 12:22-26;

'**Mat 12:22** Toe het hulle 'n duiwelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien.

Mat 12:23 En die hele menigte was verbaas en het gesê: Is Hy nie miskien die seun van Dawid nie?

Mat 12:24 Toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels, nie.

Mat 12:25 Maar Jesus het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie.

Mat 12:26 En as die Satan die Satan uitdryf, dan is hy teen homself verdeeld. Hoe sal sy koninkryk dan bly staan?'

Hieruit kan ons aflei dat Satan 'n koninkryk het. Dit is verseker nie verdeeld nie maar hoogs effektief. Tot op datum is hierdie koninkryk nog steeds sterk en aan die gang en defintief nog nie oorwin nie.

Mattheus 12:27-28;

'**Mat 12:27** En as Ek deur Beëlsebul die duiwels uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Daarom sal hulle jul regters wees'.

Belangrik om te sien dat die Fariseërs ook mense in die kerk gehad het wat duiwels uitgedryf het. 'Julle seuns dryf hulle uit'.

Omdat dit gedoen was in menslike krag, moes dit heeltemal oneffektief gewees het. Dit is waarom hulle gewonder het hoe Jesus dit dan so goed kon doen.

Mattheus 12:28: 'Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom'.

Nou sien ons waarom Jesus Christus so effektief was: 'Ek doen dit deur die Gees van God'.

Hier praat Jesus duidelik van 'God se koninkryk'.

Hy verwys na die plek van konflik tussen hierdie twee koninkryke. Hy sê: 'Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom'.

Dit beteken: Om bese geeste uit mense uit te dryf sal die mag van die koninkryk van God openbaar word en terselfdertyd die kwesbaarheid van die magte van Satan uitwys.

Die krag wat daar in die kind van God is, is net baie groter en sterker as die krag wat in die wêreld is.

Daar is dus twee koninkryke in die heelal:

Die koninkryk van lig en die koninkryk van duisternis. Die stryd tussen hulle is deel van elke dag van ons lewens.

Die wapens van ons tyd.

In ons geestelike oorlogvoering is daar twee belangrike dinge wat ons moet identifiseer:

Die plek van oorlog en die wapens wat ons moet gebruik.

2 Korinthiërs 10:3-4;

'Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie'.

Hier is dit duidelik dat ons in die vlees betrokke is in 'n oorlog, maar die oorlog speel nie af in die vleeslike realm nie. Dus moet die wapens wat ons gebruik ooreenstem met die aard van die oorlog wat ons voer. Indien die aard van die oorlog vleeslik of fisies was, dan kon ons fisiese wapens gebruik het soos in konvensionele oorlog. Hierdie oorlog word in die gees geveg en daarom moet ons wapens ook geestelik wees.

2 Korinthiërs 10:4-5;

'Want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus'.

Ons het hier met vestings te doen en dus moet ons wapens daarvoor hê. Dis baie belangrik dat ons moet beseef waar die geveg gaan plaasvind. Dit gebeur in die realm van ons denke.

Watter woorde beskryf hierdie oorlog? Gedagtes, redenasies, gissings, argumente en kennis.

Satan se hoofdoel is om die denke van die mense – sy gedagtes, gevange te neem. Hy bou vestings in hulle denke.

In hierdie oorlog rus God mense toe om geestelike wapens te gebruik om hierdie vestings mee af te breek.

Die oomblik dat ons mense se denke kan bevry, kan ons hulle in gehoorsaamheid onder die gesag van Christus bring, sodat elke gedagte ook aan Hom gehoorsaam kan wees.

Satan bou sistematies vestings in mense se gedagtes.

Hierdie vestings weerstaan die waarheid van die Evangelie en die Woord van God en verhoed dat mense die boodskap van die Evangelie kan ontvang.

Watter tipe vestings praat die Bybel van?

Dit is vooroordele en vooropgesette idees.

Mense sê maklik: 'Moet my nie met feite kom verwar nie; ek het klaar 'n besluit geneem'. Dis vooroordeel.

Indien 'n persoon reeds 'n vooropgesette besluit geneem het, sal geen feite, waarhede, bewyse of redenasies dit kan verander nie. Slegs geestelike wapens kan daardie vestings verbreek.

Een van die sterkste vestings in Suid-Afrika is die gees van tradisie.

Dit hou families en persone vir geslagte lank al vas.

Hulle kan net nooit daaruit losbreek om dit wat nog meer beskikbaar is van God, te ontvang nie.

2 Korinthiërs 4:4;

'Naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, nie op hulle sou skyn nie'.

'n Vesting is iets wat mense se denke verblind sodat die lig nie daarop kan skyn nie. Indien 'n persoon in so 'n toestand verkeer, is dit sinneloos om met hom te argumenteer. Hoe meer jy redeneer, hoe vaster skop hulle en hoe erger raak hulle vasgevang in hulle eie denke. Al wat jy nou kan doen is om geestelike wapens te gebruik om die vestings in hulle gedagtes neer te werp.

Satan se plan was nog altyd om die outoriteit wat God aan die mens gegee het, te kanselleer. Toe God die mens gemaak het, het Hy aan hom heerskappy gegee oor die skepping:

Genesis 1:28;

'En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip'.

Satan het dit reggekry om vir Adam en Eva te mislei en hulle heerskappy het net daar ge-eëndig. Adam en Eva kon nie heers oor die slang nie. Inteendeel die slang het oor hulle geheers!

God se hele plan was dus nie net om deur Sy Seun mense hulle sonde te vergewe nie, maar Hy moes die outoriteit wat daar was, weer aan mense kom gee.

1 Johannes 3:8;

'Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek'.

Die woord 'doel' dui op die plan wat daar was.

God se plan was om die mens outoriteit te gee, sodat hy die Satan moes teenstaan en hom oorwin.

Die groot probleem in die kerk is dat hulle die duiwel heeltemal wil ignoreer en verwyder uit hulle raamwerk, terwyl dit al die tyd God se doel is dat ons hom moet teenstaan en oorwin.

Dis waarom ons sal aanhou preek: 'Staan die duiwel teë'.

Dit gaan alles oor oorlogvoering.

Om deur God vergewe te word vir ons verlede, is die begin van hierdie oorlog. Die oomblik dat die duiwel nie meer jou verlede teen jou kan hou en jou in die duisternis nie, is die begin van jou oorwinning.

Kolossense 1:13-14;

'Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes'.

Om tot bekering te kom is niks anders as God wat ons red uit die kloue van die duiwel nie. Die oomblik dat ons kan sien dat redding en die vergewing van sonde die duiwel se houvas breek, kan ons oorgaan om in die koninkryk van God te wandel.

Wat gee Jesus Christus aan die kerk om die duiwel mee teen te staan? Sy Naam. Dit is waar ons krag lê.

Markus 16:17;

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg:
In my Naam sal hulle duiwels uitdryf'.

Alle Christene moet besef dat dit is wat Jesus wil hê ons moet doen.
Dis vir almal wat glo.

Dis nie net 'n gawe aan sekere Christene nie – dis vir almal.

Paulus kom skryf dit weer vir ons:

Handelinge 26:17-18;

'Ek sal jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur, om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang'.

As gelowiges is dit so belangrik dat ons die kerk moet leer hoe om 'verlos te word van die bose'.

Die enigste rede waarom die kerk in sonde bly is hulle onkunde oor die waarheid.

Vader in die hemel kom vandag en sê vir jou:

- * Jy, persoon, is die antwoord op baie mense se gebede.
- * Baie mense vertrou op jou om hulle te help om hulle geliefdes by die Here uit te bring.
- * Jy is die arbeider in die oes waarvoor hulle Vader smEEK en vertrou.
- * Weet, God stuur jou nou.

AMEN

OOP DEURE VIR DIE BOSE

Daar is geen skriftuurlike bewys dat as persone tot bekering kom, hulle outomaties vry is van die verlede nie.

Hulle is nie vry van liggaamlike of emosionele probleme wat al lankal toegang tot hulle gekry het nie.

Die woorde: 'Jesus het nou vir al my sonde betaal en dus is ek nou volkome vry', hoor ons so baie.

Die hele idee van 'outomatiese bevryding' is verkeerd en aan die anderkant baie gevaarlik.

Dit kan so maklik lei na twee probleme:

(1) Dit kan maak dat persone nooit by die punt kom waar hulle hul oorspronklike wortelprobleem aanspreek nie.

(2) Dit kan ook 'n valse idee gee van sekuriteit en dat alles nou net reg is.

ARGUMENT no. 1:

Die gevolg is dat jy Christene sien rondloop wat sê dat hulle na bekering nie meer onder bose invloed kan kom nie.

Maar, hul hele karakter toon dat dit nie so is nie.

Hulle doen dan nog steeds dit wat in die verlede ook daar was.

Al wat gebeur is hulle bid dalk meer en gaan dalk meer kerk toe, maar al hulle nukke en grille is nog daar.

As bekering jou nie totaal verander nie, is dit betwyfelbaar.

Dit kan jou in geestelike probleme inlei.

In plaas van om nou geestelik te begin groei en heiligmaking na te streef, spandeer hierdie mense te 'n groot deel van hulle geestelike krag, net om die bose in hulle, onder bedwang te hou.

Die front wat jy nou die hele tyd in kerk moet voorhou, word net later te veel.

Ek het hulle ook al raakgeloop wat dan altyd vir jou die idee wil gee van 'ek is immuun – ek is onoorwinlik'.

Demone kan jou enige tyd probeer aanval, maar as jy dink dat hulle nie kan nie, neem jy 'n groot risiko met jou siel, net omdat jy dink dat jy onaantasbaar is.

ARGUMENT no. 2:

Soms hoor jy Christene sê: 'Demone kan nie meer op ons 'n invloed hê nie, want ons is nou tempels van die Heilige Gees.

Dit is verseker waar: Maar, net as jy jouself totaal rein kan hou.

Demone kan nie maklik net naby 'n Christen kom as hy rein van hart en totaal gehoorsaam is nie.

Moet net nie toegee aan vleeslike sonde nie. Die oomblik dat jy dit doen, is die deur oop, en kan hulle inkom met hulle aktiwiteit.

Gevare van `n sondig leefstyl:

Dit gaan hier spesifiek oor die feit dat ons liggame tempels van die Heilige Gees is.

Paulus kom waarsku Christene onder andere teen seksuele sonde. Daardie tyd al het mense verskonings gehad vir dinge wat hulle verkeerd gedoen het.

1 Korinthiërs 6:18-20;

`Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat `n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam.

Of weet julle nie dat julle liggaam `n tempel van die Heilige Gees is nie. Verheerlik God dan in julle liggaam'.

Hierdie skrif het niks te doen daarmee of demone nog in `n Christen se liggaam kan wees of nie.

Inteendeel sê die Skrif vir ons om ons liggame heilig te hou, anders kan demone inkom as die deure oop is.

In die wêreld het dit nou `n aanvaarbare saak geword dat saambly reg is. Wel, volgens wie se reëls?

Jy kon nog nooit al die voordele van God ontvang, terwyl jy besig is om Sy wette te oortree nie.

Voorbeeld: `n Jong man kom by jou en vra: `Ek is in `n fisiese homoseksuele verhouding. As ek aanhou om by my maat te slaap, mag ek God vra om my te beskerm teen VIGS?'

Dink jy God sal dit doen? Nee.

Is jou saamblyery dan ook nie net so nie?

Dit is selfs ook sonde vir hulle wat dit goedkeur en goedpraat en toestemming gee dat bv. hulle jong dogter net by `n man intrek.

Mense, die Satan wil alle deure wat jy oop hou, teen jou gebruik.

Hy weet baie goed waar jy vandaan kom en waarheen jy oppad is. Hy ken jou en jou familie vir geslagte al en is daarom baie bewus van jou swakpunte.

Baie van hierdie swakpunte kom sedert jou kinderdae, en is eintlik al lankal in jou familie.

Jou familie het dit al toegelaat en jy gaan maar net verder aan met die verkeerde dinge.

Jy moet besef die duiwel kan enige negatiewe ding in jou lewe, teen jou gebruik.

Hy wil tog immers kom om jou te slag en te verwoes.

Hy het dit eintlik al met jou familie vir geslagte reggekry.

Die groot vraag is:

Wat gebeur nou in j^ou lewe, wat ook al voorheen met jou pa en ma gebeur het?

Is jy maar net presies besig om dieselfde te doen as hulle?

Hulle was almal verslaaf aan rook of drank en seks en nou is jy presies op dieselfde plek.

As die dinge wat verkeerd gegaan het in jou lewe nie reg hanteer word nie, gaan hulle net nooit vanself weg nie.

Die groot probleem met mense is dat hulle glo dat met tyd sal alles regkom. Tien jaar, twintig jaar – alles is nog net dieselfde.

Die volgende vraag: 'Is dit moontlik om uit al jou dinge van die verlede te stap en 'n lewe van oorwinning te leef?'

Ek verduidelik dit altyd so:

Die hele lewe gaan daarvoor of

1. Ek kan klaarmaak met my verlede,
2. die deure van my huis kan toemaak,
3. en die duiwel kan uitskop uit my lewe uit.

In welke mate jy dit kan regkry, sal bepaal wat in die toekoms met jou gaan gebeur.

Vraag: Hoeveel houvas het die duiwel nog op jou?

Hoeveel van jou lewe is nog onder sy beheer?

Ek gaan jou nou voorbeelde gee waarvan ek persoonlik kennis dra:

Daar is vyf groepe mense in hierdie lewe

Groep no. 1

Hierdie mense het dit reggekry om al hulle sonde te bely en op te hou met gewoontesonde.

Gewoontesonde is dit wat ek elke dag toelaat in my lewe, al weet ek dis verkeerd.

Dit is saambly, seksuele sonde, owerspel, verslawing en dan al die emosionele sonde wat ek toelaat, soos haat, bitterheid, liefdeloosheid, kwaad en onvergewensgesindheid.

Die mense van groep 1. het oorwin deur die bloed van die Lam en die woord van hulle getuigenis – maak nie saak hoe sleg hulle self in die verlede was nie.

Hulle lewe nou in oorwinning en word vandag grootliks deur God gebruik in bedieninge.

Maak hulle nog foute?

Natuurlik – hulle is net mense, maar hulle lewe alreeds in die Koninkryk van God.

As jy wil weet of daar sulke mense is, kom vra my later en ek sal hulle aan jou kan wys.

Groep no. 2

Voorbeeld:

Daar is 'n man wat getroud is met 'n liefste vrou.

Hy werk hard vir 'n firma en hulle bly gelukkig in hulle huisie.

Eendag kom hy moeg van die werk af.

Alles het nie goedgegaan by die werk nie en hy is ge-irriteerd.

Net na vyf die middag stap hy by sy huis in.

Sy vrou is in die kombuis besig om alles reg te kry.

Sy eerste vraag is: 'Is die kos al reg?'

Sy antwoord: 'My man, alles is nog nie reg nie, jy is vroeg.

Sit net so 'n rukkie, ek is nou klaar'.

Die volgende oomblik vervies hy homself en hy skreeu vir haar.

Hy stap direk daarna kamer toe, want hy voel nou skuldig.

Net daarna kom hy terug kombuis toe en sê vir haar: 'My vrou, ek is jammer ek het vir jou geskreeu'.

Sy antwoord: 'My man, jy het ook al die afgelope honderd keer gesê jy is jammer. Gaan jy nooit grootword nie?'

Is hy nog vas? Verseker.

Alles in sy lewe is nog nie onder beheer nie.

Daar is nog 'n oop deur en die duiwel gebruik dit teen hom.

Groep no. 3

Dis die groep van die verslaafdes.

Enige iets wat jy nie deur 'n keuse net kan los nie, beheer jou.

Jy beheer nie jou verslawing nie – dit beheer jou.

Verslawing kom in baie verskillende vorms.

Rook, eet, drink, kou, vreet en alles wat daarmee saamgaan.

95% van alle verslawings het iets met jou mond te doen.

Die deure is oop en die Satan steel by jou.

Hy steel jou geld, jou gesondheid, jou familie en jou vriendekring – en jy is eintlik nie in staat om iets daaraan te doen nie.

In my praktyk het ek oor jare ongelukkig net te veel mense onnodig sien doodgaan. Net omdat hulle nie kon loskom uit die hand van die moordenaar nie.

Die oorsaak: Heel moontlik was jou pa en ma in presies dieselfde bootjie. Hulle het hulle gewoontes net so aan jou oorgedra.

Wat is die kans dat jou kinders nie op dieselfde pad is nie?

Groep no. 4

Eerste voorbeeld:

Daar was 'n jongman wat in 'n huis groot geword het waar daar baie van 'die seksuele' teenwoordig was.

Sy pa het ewig seksuele verhoudings met anders vrouens gehad en sy vrou verneuk.

Hy was eintlik nie eers skaam daaroor nie en het dit openlik gedoen. Hy het altyd oor vrouens se liggame soveel te sê gehad.

Die jongman word groot waar daar naweke 'bloufilms' in hulle huis gekyk is en van vroeg af het sy pa hom geleer hoe hierdie dinge nou eintlik werk.

Later in sy lewe werk hy vir Eskom en hy trou met 'n liefste ding.

Vergeete is die verlede en alles gaan goed.

Eendag is dit weer tyd vir die jaarlikse Eskom-vergadering in Johannesburg in een van die bekende hotelle.

Almal is teenwoordig en meneer drink toe ook vier of vyf whiskeys – want die werk betaal!

Later die aand bring een van die manne toe skielik 'n paar vrouens by die hotel aan. Kyk, toe hulle daar aankom is meneer op sy stukke, want hy dan geleer hoe om dit te doen.

Sy bene is skielik so reguit en meneer stap daar op en af.

(Ek sê altyd vir die vrouens: As die beentjies so styf en reguit raak – weet die ding is gevaarlik!)

En soos wat dit nou maar is, hou een van die vrouens meneer net so 'n bietjie te lank vas, en die volgende oomblik eindig hulle in een van die hotelkamers!

En...vier uur daardie oggend hier by my huis in Polokwane!

Sy vraag: 'Oom Gerrie, wat dink oom het vanaand daar in die hotel in my ingevlieg, dat ek so 'n fout kon maak?'

'My maat. Niks het in jou ingevlieg nie, dit was nog altyd daar.

Daardie deur was nog altyd oop in jou lewe – jy het dit net nog nooit hanteer nie.

Nou kan dit jou 'n huwelik kos'.

Moet nie dink oop deure gaan vanself toe nie! Die duiwel weet die deure is oop – hy gaan jou slag en verwoes! So werk die Satan.

Tweede voorbeeld:

Daar was 'n jong meisie wat groot geword het in 'n huis waar haar pa baie ernstige taal gebruik het.

Alles is reg gevloek en geskel en geslaan.

Niemand kry hier 'n kans om iets te sê nie – dit word in 'groot taal' reggevloek.

Soos wat dit altyd in sulke families is, was almal te bang om 'n woord te sê. Te bang vir die uitbarstings wat kan volg.

Pa het ook sy dogter in geen onsekere terme hierdie taal geleer.

Sy was nog op laerskool toe sy al vir jou jou fortuin in ernstige woorde kon vertel – van bo af tot onder, en weer op tot bo!

Haar pa was so trots op haar en het haar altyd 'my botteltjie gif' genoem.

Sy is ook geleer dat niemand – veral nie mans nie – aan haar sal kan raak nie – sy sal jou regsien!

Ek het Annie (nie haar naam nie) eers later in haar lewe ontmoet.

Sy was toe met haar derde man besig – want sy was nie maklik nie!

In hierdie tyd het sy tot bekering gekom. Ek kry haar in die kerk.

Die nuwe man het vir haar 'n Camry gekoop.

Dié word altyd reg voor die kerk parkeer.

En...Jesus Christus kom in haar lewe in. Sy is so gelukkig en eindelijk het sy ook haar plekkie in die son gekry.

Sy ervaar vir die eerste keer in haar lewe liefde – Jesus se liefde. En dit gaan goed.

Nou, een Sondagoggend toe die ganse gemeente na die diens uitstap uit die kerk, stap Annie saam met ons.

Ongelukkig kom daar op daardie oomblik so 'n verwaande jong man met 'n Bantambakkie uitgejaag, en hy ry in Annie se Camry vas!

Nou ja. Die volgende oomblik voor die ganse gemeente spreek Annie hom direk aan in die taal wat haar pa haar geleer het.

Van bo af tot onder, en weer op tot bo!

Ek vat haar aan die hand en sê: 'Loop nou net saam met my hier weg'. Agter die kerk staan sy en huil. 'Gerrie, wat dink jy het nou net hier in my ingekom dat ek soiets kon doen?'

'Niks het in jou ingekom nie Annie – dit was nog altyd daar, jy het dit net nog nooit hanteer nie'.

Is Annie nog in die kerk? Nee, sy is skaam.

Groep no. 5

Hierdie groep het op 'n punt gekom waar Satan hulle hele lewe beheer.

Die tragedie is dat hulle so blind geword het vir die waarheid, dat hulle dit nie eers besef nie.

Hulle is nie Christene nie – al sit daar van hulle in die kerk.

'n Groot deel van die inbring van die oes is op hierdie persone gefokus.

Die vraag wat elkeen van ons nou moet beantwoord:

Is daar nog oop deure in jou lewe?

DIE GEES EN DIE GEESTESWÊRELD:

Ons beleef 'n tyd van geweldige ekskalasie in die okkulte-wêreld en in boosheid. Tog is ons ook in 'n tyd waarin Satan en die geestes-wêreld se bestaan betwyfel word.

God se volk word uitgelei uit Egipte na 'n nuwe land.

God gee hulle uitdruklik bevele aangaande die geestes-wêreld voordat hulle Kanaän binnegaan. ***Deuteronomium 18:9 –12;***

'En as jy kom in die land wat die Here jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie.

Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaen – wat met waarsêery, goëlerie of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie'.

Sy volk het presies geweet waarvan Hy praat – hulle kom nou net uit Egipte uit waar hulle vir 400 jaar blootgestel was aan al hierdie dinge. Egipte is nog altyd beskou as die 'Moeder van die bose'. Hulle het alles geweet.

Vandag weet die gemiddelde kerkganger net te min.

Hy weet nie wat die okkulte is nie en daarom val so baie van hulle in die net van Satan.

Meer en meer Christene in die kerk draai onbewus na okkultiese alternatiewe vorme van medisyne, voorspellings en energievælde.

God se Woord is baie duidelik:

Levitikus 19:31;

'Begeef julle nie tot ander geeste nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie'.

Hosea 4:6;

'My volk gaan te gronde weens 'n gebrek aan kennis'.

Om die okkultiese wêreld te kan verstaan is dit belangrik dat ons die menslike gees en ook die geestes-wêreld verstaan.

Binne in die geestelike realm is daar twee koninkryke: Daar is twee bronne van krag: Jesus Christus of Satan s'n:

* Satan se krag is beperk.

* Die krag van Jesus Christus is die absolute onbeperkte krag van die Almagtige God.

Die doel van alle okkult-betrokkenheid is om kontak te maak met die geestes-wêreld en om in kontak te bly met die geeste daarin. Die okkultis behou hierdie kontak met die geeste om van hulle krag te kry. Ongelukkig is dit so dat die meeste mense op aarde 'n begeerte het na groter krag. Dis waar die wortel lê van so 'n groot deel van ons sondige natuur.

Satan was nog altyd gelukkig om aan mense wat na krag soek, allerhande vorms van vals krag te verskaf.

Of dit nou vloeke is wat hulle uitspreek, of die gaan na satanistiese rituele, towery of fortuinvertellery.

Hy gebruik dit om hulle te verhinder om na die enigste God, Jesus Christus te draai.

Daar is Christene en soveel buite die kerk, wat sukkel met 'n sondige natuur in hulle. Hulle begeer ook hierdie krag. Daar is soveel verwerpte, verwoeste jong mense wat 'n tipe krag soek – meestal om wraak te neem.

Daarom was daar oor die jare soveel misleiding, net om- dat hulle nie geweet het waar die bron van die krag sit nie.

Hierdie mense loop ons nou daaglik raak – hulle is ook in die kerk. Die groot probleem vir hulle is dat hulle nie weet oor hoeveel krag hulle werklik beskik nie.

Om ou mense en kinders bang te maak met rituele, sataniese kleredrag, uitspattigheid en die uitspraak van towerspreuke of vervloekinge, is maklik.

Hulle kom soveel in my spreekkamer of in ons dienste in en kom staan vol van bravade voor jou.

In hom lees jy: 'Jy sal nie iets aan my kan doen nie!'

Dit is in der waarheid korrek – ek self kan niks aan hom of haar doen nie, maar, die krag van God se Heilige Gees in my was mos nog altyd groter as die krag wat in die opposisie is.

Daar is altyd so 'n verbasing in hulle as hulle hul oë oopmaak en hulle lê op die grond!

Leer die les: Slegs die krag van God se Gees kan hierdie mense oortuig en wen vir Christus. Die meeste besef dan net daar: Hierdie krag is groter as dit wat in my is.

Die dimensie van boosheid kan in jou wees en jou beheer óf dit kom van buite af deur ander persone.

Dit gebeur dat okkultiste in groter dienste sal inkom, of daar geplaas word met die doel om die vloei van die Gees teen te staan.

Ek en jy moet elke dag die Heilige Gees vra om vir ons meer van die onderskeiding van die Gees te gee.

Ons het dit so nodig in situasies soos hierdie.

Hier sien ons nou die aanval van buite af.

In so 'n situasie is dit belangrik om so vroeg as moontlik agter te kom wie jou opponeer en waar hulle sit.

As daar teenstand is en jy raak bewus daarvan, soek altyd na die wortel van die kwaad – dis in mense.

Opposisie kom in die vorm waar die mense wat moet praat, skielik oor hulle woorde begin struikel. Hulle raak onsamehangend en dadelik weet jy hier is iets aan die gang. Soms raak jy net in jou gees bewus van teenstand.

Die hele kwessie bly een van outoriteit. Indien jy in outoriteit wil beweeg, sal daar altyd teenstand wees. Iemand sit in die gehoor en opponeer elke woord wat jy sê in die gees. Hulle spreek aanhoudend negatiewe dinge uit wat mense kan verhinder om die waarheid te hoor.

As ek dan optree begin ek rond loop in die gebou en soek die skuldiges. Moet nie net dink dat hulle net daar sal sit en jy sal net weet nie. Soms, maar nie altyd nie.

Ek sien sien soms 'n donkerte of 'n mistigheid oor 'n sekere deel van die gemeente.

As ek dan nader beweeg na die groepie wat daar sit, sien ek gewoonlik wie die persoon is.

My raad is om in so 'n situasie eers dinge net kans te gee en om te kyk wat hulle wil doen.

So 'n persoon het dan een van twee keuses:

Of sy gaan aan met haar streke, óf sy raak bewus van haar eie tekortkominge in die gees en sit net doodstil – in welke geval ek haar net sal uitlos. Ek maak net altyd seker dat sy weet dat ek weet en weet wie sy is.

Indien sy aanhou: Openbaar haar aan almal en vra net daar dat sy die plek moet verlaat.

Voorbeeld: 'Mevrou, jy daar met die pienk pakkie – ek voel jy moet die saal nou verlaat, anders..'

Onthou: Sy weet presies wat aangaan.

Ek persoonlik het nog nooit een gekry wat nie net daar sal opstaan en die plek verlaat nie, veral as sy agterkom dat die krag in jou groter is as die krag wat in haar is.

Sy sal egter altyd hier voor by jou wil verbyloop om haar kragte aan jou te wys.

Haar kragte is soms in haar hande en naels: Sy wil jou krap of seermaak daar voor die gemeente.

As sy dan die plek verlaat, sal sy voor by jou verbyloop en haar hande oopmaak sodat jy die lang swart naels kan sien. Gewoonlik word die naels weggesteek in 'n trui en sien niemand dit nie. Soms wil hulle naby jou kom en jou probeer verwurg.

Ek het ook een gehad wat my wou byt. Terwyl ek daar voor staan en leer, sien ek skielik in die gees dat sy agter my wil kom staan en my dan in die nek byt. Toe dit openbaar is wie sy is, stap sy stadig uit die kerk uit.

Met haar uitloop het sy verbygekom en haar lippe oopgemaak dat ek die skerp gevylde tande kon sien!

My raad: Neem net dadelik jou Bybel weg waar dit hier voor op die kateder lê. Hulle wil altyd met die uitloop-slag jou Bybel net daar gryp en dit skeur!

Moet ook nooit sulke mense net daar gryp en probeer om die bose geeste uit hulle te wil uitjaag nie. Jy doen dit slegs as die Heilige Gees vir jou sê om dit te doen.

Wat is die goeie nuus:

God wil elkeen van ons toerus met Sy Heilige Gees en met Sy krag, sodat ons nie net alleen staande kan bly nie, maar ook weet hoe om hierdie mense te bevry en te help.

Hoe word ons verlos van die bose?

Die Heilige Gees is ons grootste leermeester.

Hy is die een wat ons gids is en ons sal lei in die volle waarheid.

Jesus Christus self kom om die gevangenes vry te maak en te verlos en ons is slegs die kanale van Sy genade en groot krag. Hy het alles alreeds gedoen en Satan oorwin.

Ons moet net voortbou daarop en hierdie oorwinning neem en dit afdwing op die vyand. Daarna moet ons die oortreders verwyder en die land terugneem wat die duiwel onwettig beset het.

Hoe lyk die wêreld vandag? **Mattheus 24:37-38;**

'En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het'.

Hierdie bevestig net dat mense vandag nog steeds aan die slaap gesus is en dat daar 'n groot onbewustelikheid is onder hulle aangaande die dinge wat moet gebeur.

So ook is die kerk wêreldwyd vasgevang in sy eiesoortige probleme en gee geen daadwerklike leiding nie.

Soos die tyd aanstap, gaan die stryd tussen God (die Koninkryk van lig) en Satan (die koninkryk van duisternis) intenser word en toeneem.

Satan se grootste taak is om die doktrine en goddelike ondervindinge na te boots en so die mensdom te mislei.

Hy voer al vir duisende jare oorlog teen die mens en die siel van die mens.

As die huidige heerser oor die wêreld het hy, Satan, elke organisasie of menslike poging infiltreer om beheer daaroor te kry.

Die gevolg is net dat groot gedeeltes van politiek, besigheid, opvoeding, medisyne, die wet, kommunikasie, vermaaklikheid en godsdiens, onder die invloed van Satan se bose krag is.

Efesiërs 6:12;

'Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug'.

Dit beteken net dat agter alles wat ons op aarde sien, die oorlog, die konflik, is daar 'n onsienlike geestelike oorlog aan die gang.

Solank as wat Satan se heersers en sy 'sterk manne' van haat, woede, bitterheid, weerwraak, misleiding, towery, moord, trots, verslawing en gierigheid nog ongehindert kan voortgaan, sal oorlog en moord net aangaan.

Die tragedie is dat die meeste Christene in die liggaam van Christus nie meer stoei en worstel nie en het die kerk 'n posisie ingeneem waar hy kies om nie op te tree nie.

Niemand het gewoonlik genoeg outoriteit en krag om op te staan en die bese te konfronteer nie.

Die misleiding neem toe: ***Mattheus 24:24;***

'Want daar sal vals Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei!'

Die onderwerp: 'Daar is 'n geestelike oorlog aan die gang' en dit word al hoe belangriker in die gelowige se lewe, namate die aanslag van die bese feller word.

Geen Christen mag meer oningelig hieroor wees nie, want onkunde maak jou 'n maklike teiken. Ons moet die vyand ken en weet dat hy nie vir 'n oomblik rus nie.

Die goeie nuus: Die goeie nuus is dat God besig is om sy weermag op te rig vir 'n tyd soos dié.

Hierdie weermag gaan die grootste veldslag van alle tye binne – oorlog teen die koninkryk van duisternis. Ons moet ook weet dat die gelowige wat met sy lewe en hart aan die Almagtige God vashou, niks het om te vrees nie.

Wat ek en jy moet weet:

Satan se demone word aangetrek deur vuilgoed – vullis, net soos wat dit vlieë aantrek. Een naam vir Satan is Beëlsebub – wat beteken: 'Lord of the flies'.

Die geheim om van die vlieë ontslae te raak, is om van die vuilgoed ontslae te raak wat hulle aantrek.

Wet: Geen vuilgoed – geen vlieë.

Bevryding is nie net daarop gefokus om van die vlieë ontslae te raak nie. Die grootste deel daarvan is om die vuilgoed bymekaar te kry, en daarvan ontslae te raak.

Hoe gouer jy die vuilgoed wat in jou is kan identifiseer, hoe gouer kan jy van die vlieë ontslae raak.

Laat elkeen van ons in ons God-gegewe outoriteit opstaan en die bouse se mag verbreek. Die resultaat sal wees dat die Koninkryk van God naby mense kan kom.

AFGODERY

Die hele wêreld is deesdae behep met mistiese en bo-natuurlike dinge. Soos ons weet is daar 'n positiewe en 'n negatiewe bo-natuurlike realm.

Om te verval in toordery, goëlery, voorspellings en waarsêery is algemeen vandag, maar dit het ook al in Bybelse tye bestaan. Ons lees dat koning Saul verwerp is deur God omdat hy in rebellie gekom het teenoor Hom.

1 Samuel 15:23;

'Want wederstrewigheid (rebellie) is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp'.

Waarom word waarsêery en rebellie hier vergelyk?

Dit beteken eenvoudig dat om teen iets te rebelleer, jy die outoriteit oor jou verwerp. Die outoriteit oor ons is Jesus Christus en deur Hom te verwerp maak jy jouself oop vir demoniese werking.

Niemand kan ooit Jesus Christus verwerp en nie glo daar niks sal gebeur nie.

Die okkulte – dit wat deur demone gedoen word – staan op drie pilare: Voorspellings (waarsêery), goëlery en toordery.

Alle persone wat hulle deure vir Satan oopmaak en namens hom optree, gebruik hierdie drie dinge om ander persone te manipuleer en te beheer. Sulke persone probeer om dit wat God beplan het na te boots deur gebruik te maak van die krag van duiwels.

1. VOORSPELLINGS/WAARSÊERY ('Divination')

Hierdie is die 'fortuinvertel' deel van die geestelike realm.

Waardeur werk hierdie mense om dit reg te kry?

Glasië-glasië speel, Tarot-kaarte, teeblare, handpalmlees, kristalballe, horoskope en pendulum-swaai.

Saanslaat is daar sekere TV-kanale, die sogenaamde 'psychic hotlines' wat aan mense vertel wat hulle graag wil hoor.

Hierdie kanale steel nie net die mense se geld nie maar gee ook aan die vyand oop deure om in te kom.

Die Bybel is baie duidelik hieroor: **Levitikus 19:31;**

'Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God'.

Levitikus 20:31;

'En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit'.

Deuteronomium 18:10-12;

'Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaen—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.

Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit'.

Die hele tema hier was om mense te verhoed om deel te neem aan verkeerde praktyke want dit het mense weggelei van God af.

Die eindresultaat van hierdie dinge was verwydering tussen God en mense – en dis wat God wil keer.

Die volk word hier baie duidelik gewaarsku om geen deel te hê aan iemand wat God nie dien nie. Die volk moes alle vyandige en afgodsinvloede onder hulle afbreek. Ons lees dat Israel dit nie gedoen het nie. Hulle het in die beloofde land hierdie afgode begin dien.

2 Konings 17:41;

‘So het hierdie nasies dan die HERE gevrees en hulle gesnede beelde gedien; ook hulle kinders en hulle kindskinders doen soos hulle vaders gedoen het, tot vandag toe’.

In die Nuwe Testament lees ons ook van ‘n vrou wat ‘n gees van gehad het:

Handelinge 16:16-19;

‘En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom ‘n slavin met ‘n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.

Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê:

Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.

En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan.

En toe haar eienaars sien dat die hoop van hulle wins weg was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die mark voor die owerheid gesleep’.

Let mooi op wanneer hierdie vrou begin het met haar streke:

Net terwyl Paulus-hulle oppad was na die bidplek toe.

Daar sal altyd iets wees wat jou wil weghou van intimiteit met God. Paulus dryf net daar die ‘gees’ uit in Jesus se Naam en onmiddellik is sy vry.

Haar eienaars het deur haar ook geval in die ‘gees van geldgierigheid’. So kan een bese gees altyd die deur oopmaak vir die volgende een om in te kom.

In **Handelinge 13:8-11** lees ons:

Maar Élimas die towenaar—want so word sy naam vertaal—het hulle teëgestaan en het probeer om die goewerneur afkerig te maak van die geloof.

Maar Saulus, dit is Paulus, vervul met die Heilige Gees, het die oë op hom gehou en gesê:

Kind van die duiwel, vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie?

En nou, kyk, die hand van die Here is op jou, en jy sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie. En onmiddellik het daar donkerheid en duisternis op hom geval, en hy het rondgegaan en gesoek na mense wat hom by die hand kon lei.

Hierdie man was skuldig daaraan dat hy die weë van die Here teengestaan het en andere probeer weglei het van Jesus.

Dit was nog altyd Satan se manier om mense weg te hou van ware aanbidding.

Paulus noem hom ook 'kind van die duiwel' – iemand wat doen wat die duiwel doen.

2. GOËLERY. ('Sorcery')

Goëlery werk deur sekere voorwerpe en dinge soos:

Verdowingsmedikasie, kalmeer- en slaapmiddels, 'drugs', alkohol, kleredrag, juweliersware, suggestiewe danse, tradisionele stamdanse, toormiddels, sekere afgods-voorwerpe, 'doepa' en rituele grimering.

Die doel is net soos in waarsêery, en dit is om mense te beheer en om mense weg te lei van die ware God af.

Dit gebruik jou 'vlees' om jou te beïnvloed. Die Griekse woord in die Bybel hiervoor is 'pharmakeia' – waar die woord 'pharmacy' of apteek vandaan kom.

In die ou dae was dit die apteker wat sekere doepa en mengels kon maak wat mense verslaaf kon maak of doodmaak. Vandag bly dit dieselfde en maak verbode middels ons geestelik en liggaamlik dood.

Jong verslaafdes kry nooit die kans om die vreugde van die lewe te geniet as gevolg van hulle verslawing nie. Elke dag stap honderde kinders uit hulle ouerhuise – die strate in.

Alles net om 'n 'kick' uit die lewe te kry.

Soms kom hulle nooit weer terug huis toe nie.

Hoe is dit moontlik dat hierdie dinge so 'n houvas op mense kry?

Deur verkeerde metodes kry mense beheer oor jou en hulle weet dat as jy eers in 'n beswying of verdowing ingegaan het, kan hulle jou

siel steel. So beheer hulle jou.

So word jou lokale 'drug'-verspreider jou verwoester.

Meestal net vir seks en vir geld.

Dit wat God bo-natuurlik in jou wil inplaas – Sy liefde, word verruil vir die wêreld.

So baie mense vandag is verslaaf aan voorskif-medikasie.

Dit wat dokters en aptekers wettig aan hulle verskaf.

Daar is soveel navraag vir: 'Ag, gee my net iets wat my vir twee dae net sal laat slaap, sodat niks naby my kan kom nie. Ek wil net ontvlug van al die ellende om my'.

Pille vir slaap, pille vir wakkerbly, pille vir kalmeer, pille vir vrees, pille vir gewig verloor en pille om gewig aan te sit.

'Ek is te vet!' 'Ek is te maer!'

3. TOWERY EN TOORDERY. ('Witchcraft')

As ons aan hekse en towenaars dink, dink ons soms aan swart katte, en hekse op besemstokke en pampoenspoken!

In werklikheid is dit die roep van geestelike invloed deur iemand, om 'n ander persoon te beheer en onder hulle wil te plaas.

Toordery gaan altyd oor 'dominasie' – om iemand te domineer en te beheer. Satan se hele doel is om mense te gebruik.

Die pad hier loop deur ongehoorsaamheid, wat dan nou die deure oopmaak vir intimidasie, manipulasie en beheer. Daar is baie vorms van toordery – alles met die doel om te steel by jou en manipulasie.

Verhaal van die bosvarkskierter:

Daar was 'n boer op 'n plaas wat baie probleme met die bosvarke op sy plaas gehad het - hulle het elke jaar die helfte van sy oes opgevreet. Hy het snags in sy lande gebly om die varke te skiet.

Later het hy een van sy werkers geleer hoe om te jag en te skiet.

Hierdie man word toe die grootste bosvarkskierter in die kontrei.

Hy kon later so goed jag dat die bure hom kom leen het om hulle te help op naburige plase.

Eendag toe hierdie man in die gras lê en wag vir die varke, word hy skielik deur 'n groot luislang aangeval. Die slang kry hom aan die been beet en byt. Met 'n groot gesukkel slaan die man die slang op sy kop en kom so los en hardloop weg.

Sy kuit was diep oopgeskeur.

Hulle neem hom hospitaal toe. Daar word van die tande van die slang uit die wond gehaal en die wonde word geheg. Die wond word egter septies en hy het later nog 'n operasie nodig.

Nog stukke tande word verwyder. Later word hy totaal gesond.

Dit word toe weer tyd vir die man om te begin jag. Hy is met die geweer veld toe, maar skiet niks nie. Nooit weer kon hy 'n vark skiet nie en later het hy maar opgehou. Hy was totaal geneutraliseer.

Sy vrees vir wat gebeur het, was groter as alles in sy lewe.

So werk die 'spirit of python' in die gees.

Hy verlam jou en maak jou oneffektief vir enige bediening verder.

'Witchcraft' werk presies net so. Daar was 'n tyd toe jy vuurwarm was maar nou is jy net lou. Wat het met jou gebeur?

Paulus vra 'n belangrike vraag aan die kerk in Galasiërs.

Die hele kerk verval in 'n toestand van werke en rituele.

Galasiërs 3:1;

'O, Onverstandige Galasiërs, wie het julle **betower** om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig?'

In Engels: 'O foolish Galatians! Who has bewitched you?'

Die groot gevaar van tradisie en die 'net ons is reg'-gees, veroorsaak dat gelowiges afvallig word van die waarheid en van 'n ware geestelike lewe.

Mense begin sekere ideologieë nastreef en verloor die idee dat alles gaan oor die verhouding wat ek het met Jesus Christus en nie net wat ek vir Hom kan doen nie.

Vir die Jode van die Bybel se tyd het alles gegaan oor 'n sisteem van doktrines en wette en klere en dinge.

Ons moet altyd oppas dat ons nie self daarin verval nie.

Hulle kon net doodeenvoudig nie verander toe Jesus kom en sê: Alles gaan oor verhoudings en nie oor wette nie.

God kom self vir hulle sê dat terwyl hulle met godsdiens besig is, is hulle harte op 'n ander plek. **Jesaja 29:13;**

'En die Here het gesê: Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is'.

Die Galasiërs van die Nuwe Testament het presies dieselfde gedoen. Satan sal vir ewig kom om mense so te beheer en te manipuleer.

Vandag het kerkleiers ook hulle oë van Jesus weggedraai – en hulle besef dit nie eers wat regtig gebeur het nie.

Enige ding of saak wat probeer om jou te beheer, te domineer of te intimideer - is toordery.

Dis so belangrik dat ons elke dag vir God se Gees moet vra: 'Heilige Gees, gee net aan ons vandag 'n groter onderskeiding van die Gees en groter wysheid'.

Leiers moet besef dat dit in die kerk vandag so belangrik is. God moet in beheer wees, nie ons nie.

As jy as persoon altyd wil beheer neem, weet dat jy eintlik nie in beheer is nie, jy word bedreig – dalk deur jou eie verwerping en jou minderwaardigheid. 7

Gaan kyk mooi na jou eie lewe – jy word dalk deur 'n alternatiewe gees beheer.

Jesus praat hieroor in **Mattheus 20:25-26**;

'Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen;

maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees'.

Verkeerd is verkeerd, al doen almal dit, en reg is reg, al doen niemand dit nie.

Ons moet verander!

Een van die moeilikste lesse in die lewe is om te laat gaan –of dit nou 'n skuldgevoel, woede, liefde, vrees of verraad is.

Om te verander is nooit maklik nie.

Ons veg so om vas te hou en ons veg so om nie te laat gaan nie.

HOE KOM DEMONE IN MENSE IN?

Ons het alreeds geleer dat die duiwel en bese geeste gevalle engele is. Hulle was eers engele, maar na die opstand in die hemele is hulle uitgewerp en het hulle gevalle geeste geword.

Geeste sonder liggame.

Die grootste taak wat hierdie bese geeste het is om 'n liggaam te kry om in te woon. Die Woord sê dat as onrein geeste uit 'n mens uitgaan, wandel hulle rond in droë plekke op soek na rus, maar vind dit nooit nie. Die gees sê dan dat hy teruggaan na die huis waarin hy eers was. As die huis nie bewaak is nie, kan hy net weer ingaan. Dit verduidelik aan ons die ewige soektog na 'n liggaamlike woning hier op aarde.

Bese geeste sien die huis waaruit hulle gedryf word as hulle woning. Dis algemeen om hulle te hoor sê: 'Ons bly al lankal hier en gaan nie nou uit nie!' of 'Ons is baie wat in haar bly – jy gaan ons nie nou hier uitkry nie' of 'I will never never leave this body – it is my house!'.

Ons lees van die besetene van Gadara in **Markus 5:1-19**;

Hier lees ons dat die man deur die duiwel besete was en hy het 'n legioen onrein geeste in hom gehad. Hier sien ons weer die begeerte van bese geeste om in 'n mens te wees.

Indien dit nie moontlik is nie kan hulle ook in diere woning maak. In hierdie geval het die onrein geeste Jesus gevra om hulle nie uit die land weg te stuur nie, maar in die varke in. Hy het daartoe ingestem.

Bese geeste begeer om in mense te wees.

Hulle doen dit om hulle take in die fisiese wêreld reg te kry en kan hulle dit alleenlik deur 'n liggaam doen. Besef weer: Hulle is net geeste. Indien hulle in 'n persoon kan ingaan is hulle doel om hierdie persoon te onderdruk en hom te beheer en te manipuleer.

Hulle kan definitief ook in jou siel inkom om jou emosioneel te teister.

Niemand is immuun teen hierdie tipe aanvalle nie. Dis so belangrik dat ons net kan leer en verstaan om outoriteit oor sulke geeste uit te oefen. Wanneer bese geeste in mense inkom, verander hulle die mense om hulle geardheid aan te neem. Hulle maak mense wat hulle is! Dis baie keer om boos te wees.

In die stuk oor die besetene van Gadara lees ons dat die man Jesus tegemoet gaan uit die grafte uit.

Hy het onreine geeste in hom gehad. Hierdie onreine gees het die man ook onrein gemaak. Hy het sonder klere geloop en homself met klippe stukkend geslaan. Hierdie was defnitief 'n bose gees in aksie. Hy was 'n sadis wat homself skade aangedoen het. Duidelik sien ons dat die mens die karakter van die onreine gees aangeneem het.

Ons lees ook in die Bybel van 'n leuen-gees. As so 'n gees in jou inkom sal hy jou verander om 'n leuenaar te wees.

Net so het die onreine gees hierdie man onreine dinge laat doen.

Wat kan bose geeste dan nog aan mense doen?

Handelinge 10:38;

'Met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goedge doen en almal **genees** wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was'.

Wat sê Petrus hier: Jesus het mense **genees**, wat onder die mag van die duiwel was. Hy sê direk dat siekte ook van die duiwel kan kom. Weet: Alle siektes is nie van die duiwel af nie, maar sekeres is! Soms kan mense net siek word sonder dat daar 'n geestelike rede rede is.

Kom ons kyk na sekere gevalle: ***Markus 9:17-27;***

Ons lees van 'n seun wat epilepsie gekry het en nie kon praat nie:

'En een uit die skare antwoord en sê: Meester, ek het my seun wat 'n stomme gees het, na U gebring; en waar hy hom ook aangryp, skeur hy hom; en hy kry skuim in die mond, en hy kners met sy tande en word styf; en ek het u dissipels gevra om hom uit te dryf, en hulle kon nie.

Toe antwoord Hy hom en sê: o Ongelowige geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom na My toe.

En hulle bring hom na Hom toe; en toe hy Hom sien, laat die gees hom dadelik stuiptrekkings kry, en hy val op die grond neer en rol rond met skuim in die mond.

Daarop vra Hy sy vader: Hoe lank is dit al dat dit hom oorgekom het? En hy sê: Van sy kindsdae af; en dikwels het hy hom selfs in die vuur en in die water gegooi om hom dood te maak. Maar as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons.

En Jesus sê vir hom: Wat dit betref—as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.

En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!

En toe Jesus sien dat 'n skare bymekaar stroom, het Hy die onreine gees bestraf en vir hom gesê: Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie.

En nadat hy geskreeu en hom baie stuiptrekkings laat kry het, het hy uitgegaan. En die seun het soos 'n dooie geword, sodat baie gesê het: Hy is dood.

Maar Jesus het hom by die hand gegryp en hom opgerig; en hy het opgestaan'.

Hier is duidelike tekens dat die onreine gees hierdie seun beheer het. Die gees word spesifiek hier genoem die 'stom en dowe gees'.

Hierdie onreine gees het ingekom in hierdie seun se liggaam om hom siek te maak. Die oomblik toe die gees uitgedryf word, is die seun gesond.

Ek het self al baie vir mense gebid met epilepsie. Daar was elke keer 'n fisiese manifestasie. Die oomblik as jy sê: Ek breek jou mag oor hierdie persoon, het elkeen net daar 'n epileptiese aanval gekry en geskreeu.

Hulle het op die grond neergeslaan en geruk, maar skielik was die manifestasie verby. Hulle kon net daar opstaan en normaal optree. Daar was gladnie tekens van die deurmekaar en flou wat hulle normaalweg na 'n aanval sal hê nie. Net totaal normaal en vry. Hierdie bly bo-natuurlik en permanente genesing kom waar daar geen medikasie geneem is nie.

'n Mens is gees, siel en liggaam. Indien jy totaal deur demone beheer word – siel, gees en liggaam – is jy nie 'n Christen nie.

Jy is ten volle beset deur demone.

Mense word gewoonlik aangeval in hulle liggame en in hulle sielsdimensie. Indien die demone 'n oop deur kry hier om in te kom, sal hulle jou liggaam siek maak en teister en net so ook in jou siels- en emosionele deel.

Christene kan in hulle siel en liggaam aangeval word, maar nie in hulle gees nie. Hulle gees behoort aan Jesus.

Ons moet onthou: Mens is 'n gees. Hy het 'n siel en woon in 'n liggaam. As 'n mens se liggaam sterf, leef hy nog steeds.

Paulus leer ons in **2 Korinthiërs 5:1**; 'Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele'.

2 Korinthiërs 5:6-8;

'Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.

Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

Maar ons het goeie moed en verkies om liever uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon'.

Met ons aardse liggame en ons sintuie is ons in die fisiese wêreld. Satan is die god van hierdie wêreld. Ons leef en beweeg dus in 'n wêreld wat aan die opposisie behoort. Die almagtige God is die god van die geestelike realm. Satan het dus in Christene slegs 'n kans om in jou liggaam en in jou sielsdimensie in te kom.

Sonde het baie daarmee te doen dat siekte en ellende in die wêreld ingekom het. Daar was geen siekte in die tydperk voordat Adam sonde gedoen het nie. God se skepping was perfek.

Na Satan se koms word die lug besoedel met kieme en die dood.

Dis waarteen die mediese wetenskap elke dag veg.

Dr. John G. Lake kom in die begin van die vorige eeu Afrika toe om evangelisasie te doen. In hierdie tyd breek buboniese pes uit in Afrika. Die Britse regering het vragte voorraad hierheen gestuur om te help.

Die mense sterf so vinnig dat niemand kan voorbly nie. Hulle het tot vyf mense in een graf begrawe. Dr. Lake word genader om hulle te help. Toe hy daar aankom vra die dokters vir hom of hy nie bang is dat hy ook die pes gaan kry nie. Sy antwoord: Die Gees en die Lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van sonde en die dood. Hulle het hom probeer oortuig om ook middels te neem vir die voorkoming van die siekte maar hy het dit weggewys.

Dr. Lake het aan hulle gesê: Kyk, die mense kry reg aan die einde van die siekte konvulsies en daar is altyd 'n bloederige skuim wat by hulle monde uitloop net voor die dood. Hy neem toe van hierdie skuim en plaas dit onder 'n mikroskoop. Dit wemel van die kieme. Hy sê toe aan hulle: As julle daardie skuim nou op my hande plaas, sal elke kiem onmiddellik sterf, net omdat hulle aan my geraak het, want God is in my.

Die dokters doen dit toe en vind dat al die kieme wat aan dr. Lake se hande geraak het, net daar gesterf het.

Hy het die geheim gevind! Dit was die beginsel van oorwinning.

Satan bly die oorsaak van siekte. Hy is die vyand – van die mens en van God. Dis hoekom mense nie altyd verstaan dat as ons vir siek mense bid, ons ook die duiwel uit hulle moet jaag nie.

Ons moet op die plek kom waar ons besef ons liggaam bly die teiken. Dis waarom God wil hê dat elkeen van ons vervul moet raak met die Heilige Gees sodat elkeen van ons kan begin doen waarvoor ons geroep is. Die Heilige Gees is nie net in jou om jou te laat goed voel nie. Nee, Hy is daar om jou te bekragtig. Hy is daar om jou te help. Ons moet die daad aan die kruis van Jesus Christus aanvaar om werklik vrygemaak te kan wees.

Versoening is God se deel hierin en die aanvaarding is ons s'n.

Openbaring 12:10-11; 'Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie'.

Onthou: Die duiwel staak nie sy aanvalle op jou net omdat jy tot bekering gekom het nie. In bogenoemde deel sien ons duidelik wie hy aankla: Nie die sondaars nie, maar die broers!

Die grootste geveg waarin ons is, is om 'n skoon gewete te kan hê. Vergifnis is aan ons geskenk deur God, maar Hy kan nie aan ons 'n skoon gewete gee nie. Baie mense is vergewe deur God, maar hou aan sukkel met skuldige gedagtes en hulle gewete.

Dis waarom die duiwel ewig ons verledes teen ons wil hou.

Hy staan dag en nag en verkla ons by God. Hy hoop regtig dat God dalk Sy gedagtes oor ons gaan verander en dink ons is niks werd nie. Die enigste manier hoe ons hierdie gevoelens van skaamte en skuld kan oorkom is deur die bloed van die Lam en deur die woord van ons getuienis. Jy verloor nooit die genade en liefde van God nie.

Skuldgevoelens is net die waarskuwing dat jy tydelik uit voeling met Christus is.

Laat ons opstaan en stap in die outoriteit van Christus.

DIE WAARDE VAN BEVRYDING

Jesus Christus het gefokus op lering en prediking, genesing en bevryding.

Hy het bevryding gedoen en bese geeste uitgedryf wanneer dit nodig was. Ons moet nog altyd besef dat as jy werklik wedergebore is en 'n lewe lei van reinheid en gehoorsaamheid, die duiwel geen reg het op jou nie.

Indien jy so 'n lewe lei, het jy die reg om die duiwel geen kans te gee nie. **Jakobus 4:7**

'Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug'.

Demone word 25 keer in die Bybel 'onrein geeste' genoem.

Dit is dieselfde woord wat gebruik word waar die Israeliete geleer word wat om te eet óf nie. Een voorbeeld is varkveis.

'n Vark was as 'onrein' gereken.

Hulle mag nie eers aan hulle geraak het nie.

Varke is as geestelike tipes gesien. As 'n geestelike tipe is 'n vark iets in die natuurlike, wat 'n demoon is in die geestelike realm.

Net soos wat die Israeliete alles in hulle vermoë gedoen het om nie naby varke te kom nie, behoort Christene hulle te bewaar om nie in kontak met bese geeste te kom nie.

Die oomblik dat 'n Christen agterkom dat daar infiltrasie in sy lewe is, moet hy alles doen om die bese ding uit hom te kry. Al beteken dit ook dat die geeste met krag uit hulle gedryf moet word. Die oomblik dat jy besef dat Jesus die bevryder is, en dat Hy in jou is, kan jy dit doen. Nie net in jou eie lewe nie, maar ook in andere se lewe.

Al vier die Evangelies beskryf hoe Jesus die tempel gereinig het.

Hier doen Jesus 'n ongewone ding. Hy was verseker nie gelukkig oor die toestand van die tempel toe Hy daar aangekom het nie. Dit was nie 'n tyd vir praatjies nie – dit was 'n tyd om in aksie oor te gaan.

Hy het steselmatig die hele tempel skoongemaak van alles wat nie daar hoort nie. Dis presies wat ons met ons liggame moet doen, wat

die tempel is van die Heilige Gees. Jesus het verseker niemand probeer plesier nie – Hy het hulle net uitgedryf.

Dis tog interessant dat daar nog steeds Christene is wat verkies om bese persoonlikhede te huisves. Mense wat maar net weier om te verander.

Waar was die verlore seun toe hy tot sy sinne gekom het?

Tussen die varke. Ons gebed moet wees dat almal in die kerk moet kan sien in jou dat daar 'n beter lewe is.

God se oplossing vir die oorwinning oor bese geeste is geestelike oorlogvoering. Die Bybel leer ons hoe Jesus druk op bese geeste kan plaas en hulle so oorwin. Jy moet net begin om die vlees te los en jou geestelike wapens te begin gebruik. Dis so belangrik om jou eie wapens te ken en die vyand se taktiek, dat jy effektief kan wees.

Lukas 10:19;

'Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie'

Ons mag is nog altyd groter as die krag van die vyand.

Dis duidelik dat die vyand ook outoriteit het. Die Bybel sê tog duidelik hier 'die krag van die vyand'.

Wat het ons as wapen? **Handelinge 1:8;**

'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees'.

Hierdie krag in ons is egter groter as die krag van die vyand.

Dis waarom ons nooit hierdie stryd gaan verloor nie.

Wanneer kom ons krag?

Die oomblik as ons vervul word met die Heilige Gees. Jesus weet dat die gelowige beide krag en outoriteit nodig het om te veg.

Toe Hy die twaalf uitgestuur het, was hulle ten volle toegerus:

Lukas 9:1;

'En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle mag en gesag gegee oor al die duiwels en om siektes te genees'.

Ons moet hier besef dat die klomp wat hier uitgestuur is dalk net so onervare was soos wat ons nou is.

Hierdie moes vir hulle 'n baie groot toets gewees het.

Die groot rede waarom ons nie betrokke wil raak in die geestelike oorlog nie: Ons voel onervare en ons twyfel.

Wat kom sê die dissipels toe hulle terugkom?

Hulle was suksesvol oor die vyand in die Naam van Jesus Christus.

Lukas 10:17-19;

'En die sewentig het met blydschap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.

Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.

Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie'.

Jesus gee 'n opdrag aan Sy kerk wat presies dieselfde is as wat hy aan Sy dissipels gegee het. In Markus 16 sê Hy spesifiek dat 'almal wat glo', hierdie mag kan hê. Om vandag die duiwel te probeer aanvat sonder die krag en die outoriteit is tog onmoontlik.

Ons het albei nodig.

'n Polisieman is 'n goeie voorbeeld.

Elke oggend as hy opstaan trek hy sy uniform aan en steek sy polisiewapen aan sy uniform.

Elkeen kan nou sy **outoriteit** herken daaraan. Hy sit nou sy pistool in sy gordel. Nou het hy die **mag en krag** wat saam met sy outoriteit gaan.

Ons moet net besef dat hierdie outoriteit aan elke gelowige behoort. Indien ons dit nie aanvaar nie, sal ons kragteloos bly.

Dit is nou beskikbaar – neem dit net op!

Die eerste stap in geestelike oorlogvoering is **selfbevryding**.

Het ons almal bevryding nodig? Ek dink so.

Ons moet skoon kom en skoon bly om effektief te kan wees.

Die Woord sê: 'En gee aan die duiwel nie plek nie'.

Hoe gee ons aan hom plek? Deur nie skoon en rein te wees nie.

Weet hy gaan dit teen jou gebruik.

Een belangrike ding van selfbevryding is om te leer hoe om negatiewe gedagtes af te sny. Die oomblik dat jy aan iets negatiefs dink of versoek word in jou gedagtes, moet jy dadelik optree.

Prakties in my eie lewe:

Die oomblik dat ek aan iets verkeerds dink en ek besef dit, tree ek dadelik op. Ek sal my regterhand se wysvinger dadelik teen my voorkop druk en sê: 'Ek weier hierdie gedagte in Jesus se Naam!

Ek beveel jou Satan om my uit te los in Jesus se Naam'.

Gaan doen dit – en voel hoe die negatiewe goed van jou af weggaan.

Gaan daar nog tye wees waar dinge gaan deursypel en ons probleme gee? Verseker.

Alles gaan daarvoor om eers by jouself te begin en dan uit te reik na die kerk toe. Die kerk verander in hierdie tyd om die 'Bruid van Jesus Christus' te word. Christus kom vir Sy bruid – maar Sy bruid moet voorberei word.

Efesiërs 5:25-27; 'Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy **die gemeente** voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees'.

Bevryding is 'n essensiële deel van die voorbereiding van die Bruid. Hoe anders gaan julle dit reg kry om ontslae te raak van die kolle en die kreukels in julle lewe?

In die kerk is demone die teenstanders van die gawes van die Heilige Gees. Hulle probeer die vloei van die Gees keer en dus verhinder hulle die heiligmakingproses.

Voorbeeld: **Romeine 12:6:**

'En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is'.

Daar kom so maklik tye waar ons geloofsvlak maar laag is.

Die demoon van twyfel en ongeloof kom nou in aksie. As hulle kans kry gaan hulle jou laat twyfel en dan bring jy nooit daardie profetiese woord nie!

Wat gebeur nog? Kyk hoe word die kerk verhinder deur hierdie geeste dat mense vervul word met die Heilige Gees en in tale praat. Dis 'n ewige stryd om mense se 'koppe' uit die pad te kry dat hulle hul monde kan oopmaak en net praat. Ek was ook een van hulle!

Die volgende area in die Vrug van die Heilige Gees.

Die oomblik dat die eerste 'Vrug' moet begin werk, naamlik liefde, gaan alles verkeerd. Die geeste van kwaad, bitterheid, haat en

liefdeloos vloei in jou in en daar is geen teken van liefde nie! Die 'gees van verwerping' speel hier 'n baie belangrike rol.

HOE SAL JY AS BEDIENAAR WEET IEMAND HET DALK BEVRYDING NODIG?

Die teenwoordigheid van bose geeste in mense word op drie maniere waargeneem. Dit is ook vir ons 'n les om seker te maak dat ons 'skoon' is. Onderzoek en toets jouself gereeld.

1. Onderskeiding van die Gees:

Dit is een van die gawes van die Heilige Gees.

Baie keer sal jy net voor 'n persoon staan en sekere dinge sal aan jou deur die Heilige Gees in jou gedagtes openbaar word.

Dit het gewoonlik iets te doene met die persoon voor jou se verlede óf oor dinge waarmee hy nou besig is.

Ek staan nou onlangs in Cebu, Filippyne in 'n kerk.

Voor my kom staan die jong vrou wat met die klankopnames in die kerk help. In my gees het ek net die volgende 'geweet' en ek sê vir haar. 'Ek ervaar dat jy swanger is en dat jy nie die kind wil hê nie.'

Nou dis nie iets wat 'n mens net weet sonder dat die Heilige Gees dit aan jou openbaar nie. Dit word dan ook aan jou openbaar net omdat God wil hê jy moet dit weet en iets daaraan doen.

Sy bars in trane uit en sê: 'Ek en my man het net vanoggend daarvoor gepraat en ons het ooreengekom om 'n aborsie te laat doen!'

Dit was my voorreg om haar net daar te bevry en 'n nuwe lig het in hulle ingekom – die lig van die waarheid.

Hulle belofte net daar was om aan te gaan met die swangerskap en God te vertrou en Hom te verheerlik in alles.

2. Om geestelike dinge te sien / visies:

Jy kan soms net voor iemand staan en skielik 'n oop visie sien.

Hierdie visies gebeur terwyl jy wawyd wakker is en skielik iets sien soos prente of 'n rolprent.

Ek vertel altyd die verhaal van die Christen meisie wat skielik demonies geraak het - agressief.

Terwyl sy voor my staan sien ek die volgende:

Daar is 'n groot opvoering of toneel op 'n verhoog aan die gang en hierdie meisie is 'n heks wat daar loop en vloeke uitroep.

Toe ek dit aan haar beskryf sê sy dadelik: 'Jy is reg. Ek is deel van die groot opvoering wat tans in die Staatsteater is.

In hierdie opvoering trek ek aan soos 'n heks en vervloek ek mense!' Nodeloos om te sê dat Christene dit nooit mag doen nie. Sy is daar by my bevry en is tans nog vry. Sy weet ook baie duidelik om nooit weer in so iets betrokke te raak nie.

Laat jou lei en ons moet elke dag bid dat God ons geestelike oë moet oopmaak – en oop hou!

3. Om iets agter te kom / openbaring:

Dit is belangrik dat ons almal die werking en die teenwoordigheid van die bose in persone moet waarneem.

Dit beteken eintlik om te sien wat onrein geeste in mense doen.

Terwyl Jesus Christus op aarde bedien het, het Hy baie mense teengekome wat presies geweet het hoe werk demone.

Voorbeeld: **Markus 7:24-30**

Hier kom die Siro-Feniciëse vrou en vra aan Hom om die duiwel uit haar kind te dryf. Hoe het sy geweet dat daar 'n demoon in haar kind was? Sy het gesien wat hy aan haar kind doen.

Mattheus 15:22;

'En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete'.

Hoe het sy geweet? Aan die simptome in haar kind.

Ons almal kan baie dinge identifiseer as ons net noukeurig oplet.

Hoe lyk die algemeenste simptome van demone in mense?

Hierdie is nie nou 'n lys dat as daar iets is, ons wil voorhou dat jy vol duiwels is nie. Soms is daar probleme wat hardnekkig is en net aanhoudend terugkom en jy het geen beheer daaroor nie.

As dit so is, is daar dalk 'n probleem.

Emosionele probleme:

Bitterheid, onvergewensgesindheid, haat, woede, vrees, angstigheid, verwerping, liefdeloosheid, gevoel dat niemand jou wil hê nie, selfbejammering, jaloesie, depressie, bekommernis, minderwaardigheid en onsekerheid.

As jy hierdie simptome en gedrag sien, soek net bietjie dieper.

Geestes-probleme:

Aanhoudend dinge uitstel, besluiteloosheid, verwardheid, twyfel en die verlies van geheue.

Spraakprobleme:

Onbeheerde uitbarstings van die tong, om te lieg, vervloeking van mense, lastering, aanhoudende kritiek, om iemand te spot, skinder.

Seksuele probleme:

Aanhoudende onrein gedagtes oor seks, fantasering, aanhoudende masturbasie, wellus, perversie, owerspel, homoseksualisme, lesbiese dade, fornikasie, bloedskande.

Verslawing:

Meestal alkohol, rook, 'drugs', medisyne, kaffein en kos.

Fisiese krankhede:

Lukas 13:11. 'En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie'.

Vals godsdienste:

Enige deelname aan geestelike en ander godsdiens-beoefening maak verseker baie deure oop vir demone.

Indien jy hierdie probleme raakloop – soek verder.

Waar daar 'n rokie is, is daar 'n vuurtjie.

VERLOSSING VAN DIE BOSE:

Die Heilige Gees is ons grootste leermeester.

Hy is die een wat ons gids is en ons sal lei in die volle waarheid.

Jesus Christus self kom om die gevangenes vry te maak en te verlos en ons is slegs die kanale van Sy genade en groot krag.

Hy het alles alreeds gedoen en Satan oorwin.

Ons moet net voortbou daarop en hierdie oorwinning neem en dit afdwing op die vyand, die oortreders verwyder en die land terugneem wat die duiwel onwettig beset het.

Hoe lyk die wêreld vandag: **Mattheus 24:37–38;**

‘En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het’.

Daar was niks verkeerd om dit te doen nie – maar **dit is al** wat hulle gedoen het. Daar was net geen geestelike groei nie.

Hierdie bevestig net dat mens vandag nog steeds aan die slaap gesus is en dat daar ’n groot onbewustelikheid is onder hulle aangaande die dinge wat moet gebeur.

So ook is die kerk wêreldwyd vasgevang in sy eiesoortige probleme en gee geen daadwerklike leiding nie.

Soos die tyd aanstap, gaan die stryd tussen God (die koninkryk van lig) en Satan (die koninkryk van duisternis) intenser word en toeneem.

Satan se grootste taak is om die doktrine en goddelike ondervindinge na te boots en so die mensdom te mislei.

Hy voer al vir duisende jare oorlog teen die mens en die siel van die mens.

As die huidige heerser oor die wêreld het hy – Satan, elke organisasie of menslike poging infiltreer om beheer daarvoor te kry.

Die gevolg is net dat groot gedeeltes van politiek, besigheid, opvoeding, medisyne, die wet, kommunikasie, vermaaklikheid en godsdiens onder die invloed van Satan se bose krag is.

Efesiërs 6:12;

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug’.

Dit beteken net dat agter alles wat ons op aarde sien, die oorlog, die konflik, daar ’n onsienlike geestelike oorlog aan die gang is.

Solank as wat Satan se heersers en sy 'sterk manne' van haat, woede, bitterheid, weerwraak, misleiding, towery, moord, trots, verslawing en gierigheid nog ongehinder kan voortgaan, sal oorlog en moord net aangaan.

Die tragedie is dat die meeste Christene in die liggaam van Christus nie meer stoei en worstel nie en het die kerk 'n posisie ingeneem waar hy kies om nie op te tree nie.

Die misleiding neem toe, daarom die vers: **Mattheus 24:24;**

'Want daar sal vals christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei!'

Die onderwerp: "Daar is 'n geestelike oorlog aan die gang", word al hoe belangriker in die gelowige se lewe namate die aanslag van die bose feller word.

Geen Christen mag meer oningelig hieroor wees nie want onkunde maak jou 'n maklike teiken.

Ons moet die vyand ken en weet dat hy nie vir 'n oomblik rus nie.

Die goeie nuus:

Wel die goeie nuus is dat God besig is om sy weermag op te rig vir 'n tyd soos dié.

Hierdie weermag gaan die grootste veldslag van alle tye binne – oorlog teen die koninkryk van duisternis.

Ons moet ook weet dat die gelowige wat met sy lewe en hart aan die Almagtige God vashou, niks het om te vrees nie.

Die belangrike aspek van die oorlog teen die duisternis is dat die persone wat alreeds deur die vyand vasgemaak is, bevry moet word.

Die hele bediening van bevryding behoort aan die kerk. Dit moet deel wees van die prediking, lering en genesing in die kerk.

Jesus Christus kom met Sy laaste opdrag:

Mattheus 28:18-20 .

'En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan

My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld'.

Hierdie mag is die koninkryk van God. Die mag wat ek het om die duiwel ook uit my eie lewe te kan jaag.

Om mense te help vry kom van demoniese invloed is 'n baie belangrike saak wat Jesus ons leer. **Markus 16:17;**

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf'.

Kyk na die meervoudsvorm: 'Hulle' – dis vir die hele gemeente!

Ek sien daaglik hoe die Heilige Gees die bediening van bevryding in die kerk vestig. Dit was vir so lank nagelaat en nooit gedoen nie. Die kerk het hierdie bediening nodig om die lering aangaande Sy koninkryk te kom vestig en om die kerk voor te berei vir Jesus se wederkoms.

Ons kan nie sit soos slawe en wag dat Hy moet terugkom nie!

Bevryding kan deel wees van die normale kerkdien.

Jesus het nie geskroom om mense in die publiek en in plekke van aanbidding te bevry nie.

Ons moet tog net wegkom van die gedagte dat iemand skaam kan wees oor wat met hom gebeur. Hierdie persoon is in die moeilikheid en moet vry kom – na die diens is die kans dalk vir ewig verby.

Moet nie hier dat emosie jou verhinder nie.

Jesus doen die volgende: **Markus 1:21,23,25;**

'En hulle het in Kapérnaüm gekom, en dadelik op die sabbat het Hy in die sinagoge ingegaan en begin leer.

En daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees; en hy het uitgeskreeu. En Jesus het hom bestraf en vir die gees

gesê: Bly stil en gaan uit hom uit!’

Ek was soveel keer in sulke kerkdienste:

Die absolute teenwoordigheid van hulle wat beweeg in die krag van God oor demone, het gemaak dat bese geeste reageer en manifesteer het.

Indien so ’n manifestasie plaasvind kan jy nou twee dinge doen: Eerstens voortgaan, die persoon bevry en aangaan met die diens, óf tweedens kan jy beheer neem oor die geeste, vir hulle vertel om stil te wees totdat die diens verby is en dan die persoon te bevry. Ek glo dit hang af van die tipe manifestasie.

Soms is dit ook nodig om dit net daar te doen – veral as die gemeente daaruit kan leer.

Die beste is nog steeds om mense na die kerkdienste te bedien.

Hier is dit moontlik om die hele groep dan te leer en te vertel wat gaan gebeur en dan voort te gaan daarmee.

Volwassenes en kinders kan in so ’n tyd bedien word.

Mense ek wil weer sê: Hierdie is nie ’n tyd om te skaam te wees oor jou verlede nie.

Ek het al soveel mense sien baat vind deur te luister na wat ander mense vertel - bv. hoe hulle deure oopgemaak het in hul verlede en oor die foute wat hul gemaak het.

Dis ook belangrik om te luister na die raad wat die bedienaars aan sekere mense gee.

Met enige gebedslyne en bediening moet jy weet die demone luister na wat gebeur. Dit verswak hulle en as dit u tyd kom vir bediening, is bevryding net soveel makliker.

Dis die rede waarom in gebedslyne mense net omval en vrykom al is daar niemand naby aan hulle nie.

Kinderbediening:

Met kinders is dit absoluut noodsaaklik dat ten minste een van die ouers moet bywees.

Ek persoonlik sal nie maklik ’n kind bedien net omdat die ouma of die tannie langsaan hulle bring nie.

'n Goeie ouderdom is tussen sewe en twaalf jaar.

Let hier op na die geeste wat baie algemeen voorkom in kinders:

Vrees, selfsugtigheid, woede-buie, kwaad, gekrenkheid, teruggetrokkenheid en 'ag-siestog.'

Weet dat daar baie min manifestasie is met kinderbediening.

Ek het groot begrip dat sekere mense privaat hanteer moet word. Daar is soms soveel sleg van die verlede en dit maak belydenis moeilik voor andere.

Demone teer absoluut op sonde wat nie bely is nie en daarom moet alle sonde soms eers hanteer en bely word.

Gaan dan voort om hierdie bediening te vestig in die kerk.

Dis een van die gawes van die Heilige Gees en moet so hanteer word.

'IN MY NAAM SAL JULLE DUIWELS UITDRYF'

Markus 16:17;

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf'.

Die enigste gids en waarheid is God se Woord.

Hier vind ons nie net die nodige informasie oor Satan en sy demone nie, maar ook die wapens vir die stryd en hoe om te oorwin.

Die Bybel sê baie meer oor die duiwel en sy demone, as oor engele.

Die kerk het oor jare die groot opdrag ontvang om uit te gaan, dissipels te gaan maak en ook die opdrag in **Markus 16:17-18;**

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word'.

Dit was die laaste opdragte van Jesus Christus net voordat Hy opgevaar het hemel toe. In die kerk aanvaar ons dit as bindend. Maar ongelukkig sukkel hulle om die hele opdrag uit te voer want hulle het net 'n gedeelte aanvaar en dus nooit alles gedoen nie.

Jesus Christus het nie net duiwels uit mense gedryf nie, Hy het ook aan Sy dissipels die vermoë gegee om dit te doen, en later vir die 70

en later vir die hele kerk. Sy opdrag in Markus 16:17 was nie net vir sy dissiples gewees nie, maar aan 'almal wat glo'.

Die tragedie is dat hierdie bediening en die bid vir siek mense in die liggaam net nooit werklik weer bestaan het nie.

Daar was tog in die Pinksterbeweging mense wat vir siekes gebid het en in tale gepraat het, maar die uitdryf van duiwels was uit.

Om duiwels uit mense te dryf was nie net 'n manifestasie van die gawes in mense nie, dis 'n dringendheid in die kerk.

Terwyl daar bese geeste is wat in mense kan inkom, sal hierdie bediening aangaan.

Net weer by herhaling: In die Onse Vader leer Jesus ons bid 'Vader, verlos ons van die bese'.

Hierdie is aan ons almal gegee om te bid en te doen. Ek en jy moet verlos of bevry word van 'n verkeerde manier van lewe.

Dit wat met tyd deel van jou persoonlikheid geword het en nog kenmerkend is van die 'vles' in jou, moet hanteer word.

Die hantering van probleme is ons eie verantwoordelikheid.

Om klaar te maak met dinge in ons lewens, dit te bely en aan te gaan na 'n hoër vlak.

Paulus praat met ons daarvoor in **Galasiërs 5:19-21**;

'En die werke van die vles is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie'.

Die koninkryk is hier op aarde en nie eenmaal in die hemel nie. Nee, dis hier.

Om in die koninkryk van God te kom beteken net dat ek alles wat my daaruit hou, moet hanteer. Dit beteken dat ek so vry en skoon moet wandel dat ek die toegang wat die bese tot my lewe gehad het self moet kan hanteer.

As ek nie in die koninkryk lewe nie, beteken dit net dat ek nooit in outoriteit sal kan wandel nie. Ook sal ek nooit deur God gebruik kan word soos wat Hy oorspronklik vir my bedoel het nie. As ek nog sukkel om alles in my lewe uit te sorteer - kan ek nog al die tyd hemel toe gaan? Maar verseker ja. Ek het mos Jesus aangeneem as verlosser en ek is lief vir Hom.

Wat moet ek dan nou doen?

Ek moet kan bely dat daar nog te veel fout in myself is.

Hoekom moet ek daarmee klaarmaak?

Dat ek die koninkryk kan ingaan en in totale oorwinning kan loop.

Soveel so dat die gawes in my kan inkom.

Ek moet bid dat ek verlos kan word van dinge in my persoonlikheid waarmee ek sukkel en nie kan klaarmaak nie. As ek sukkel daarmee moet ek vir gelowiges kan vra om saam met my daarvoor te bid.

Maar, om duiwels uit iemand te dryf is iets heeltemal anders.

As daar 'n bese gees in my is, moet daar iemand met outoriteit wees om hom uit my uit te jaag.

Dis twee totaal verskillende maniere van bedien.

Jesus Christus sê vir die owerstes waarom Hy duiwels kan uitdryf:

Mattheus 12:28;

'Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom'.

Hy doen dit deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees in Hom – nie deur homself nie. En die doel daarmee?

Dat jy totaal vry kan kom en dat die koninkryk van God ook in jou kan wees. Weer dieselfde rede: Die koninkryk kan alleenlik in my kom as ek toelaat dat ek bevry kan word van alle ongeregtheid en onreinheid.

Hierdie is 'n tyd wat ons moet besef: Dit gaan nie net meer daaroor of ons gelowiges is nie – ons moet ware dissipels word.

Nie een van die Ou Testament profete het duiwels uit mense gedryf nie. Daar was meestal wonderwerke van die natuur, maar geen demoniese uitdrywing nie.

Die eerste een wat dit kon doen was Jesus Christus.

Dit was 'n bewys dat die Messias opgedaag het.

Sy een doel was dan om die werke van die duiwel te kom verbreek.

Niemand in die Ou Testament het die Heilige Gees outoriteit gehad om opdragte te gee aan duiwels nie.

Wanneer ek en jy nou demone uitdryf is dit 'n bewys dat die koninkryk van God naby ons gekom het en in ons is.

As jy wil leer hoe dit gedoen moet word is dit die beste manier om na die bediening van Jesus Christus te kyk.

Wat gebeur met sy eerste uitdrywing?

Markus 1:21-27

'En hulle het in Kapérnaüm gekom, en dadelik op die sabbat het Hy in die sinagoge ingegaan en begin leer.

En hulle was verslae oor sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie.

En daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees; en hy het uitgeskreeu en gesê: Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!

En Jesus het hom bestraf en gesê: Bly stil en gaan uit hom uit!

En die onreine gees het hom stuiptrekkings laat kry en met 'n groot stem geskreeu en uit hom uitgegaan.

En almal was verbaas, sodat hulle onder mekaar vra en sê: Wat is dit? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is?'

Dis tog die doel van die koninkryk en die beginsel van koninkrykslewe.

Lees weer: 'Dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is'.

Daar was 'n bese gees in een van die lidmate van die kerk.

Het die ander dit geweet? Ek glo nie so nie.

Hy was dan een van hulle in die kerk en hy het voldoen aan al die vereistes wat 'n man nodig gehad het om in 'n Joodse sinagoge te sit. So, waarom sou hulle so gedink het.

Wat gebeur met die bese gees in die man?

Toe die gees skielik in aanraking kom met die koninkryk van God in Jesus het hy net begin skreeu. Bese geeste begin altyd so skreeu - nie oor die krag nie, maar omdat hulle openbaar word en so hulle krag verloor. Dis 'n ewige beginsel dat as duisternis openbaar word, dit kragteloos word.

Ons moet besef dat die gees van die antichris dit haat as hy openbaar word. Daarom sal hy altyd alles doen om nie in aanraking met outotiteit te kom nie.

Ons sien in hierdie stuk dat die bese gees die man se stembande gebruik. Hy praat deur die man. Die man self het nooit in hierdie stuk iets self gesê nie. Wat sê die gees? Hy praat met Jesus en hy praat

namens alles wat onrein in die man was – hy praat van ‘wat het **ons** met U te doen?’

Hy ken ook duidelik hulle uiteinde: ‘Kom U om **ons** nou al te verdelg’. Hy weet dat aan die einde van alles hulle almal saam met Satan in die poel van vuur gegooi gaan word.

Jesus gebruik net die woorde van outoriteit: ‘Bly stil en gaan uit’. Daar volg ‘n manifestasie op sy uitgaan. ‘En die onreine gees het hom stuiptrekkings laat kry en met ‘n groot stem geskreeu en uitgegaan’.

Jesus Christus hou die man in die kerk en Hy dryf die onreine gees uit na buite. En natuurlik: Almal was verbaas. Hulle is nou nog verbaas!

Wat leer ons hieruit?

Jesus wat verantwoordelik was vir die bevryding, het niks gedoen nie. Die hele proses het net begin sonder dat Hy aan iemand gevat het – dit was die outoriteit in Hom wat alles begin het.

En dit het vanself begin.

Moet nooit dink julle moet altyd iets doen voordat bevryding gaan kom.

Dit is inderdaad so dat hierdie dinge meestal begin met die aanraking van die persoon. Met die aanraking van ‘n persoon in outoriteit is daar ‘n invloeiing van hom na die ander persoon.

Ons moet daarop let dat die demoniese aktiwiteit in ‘n persoon, daardie persoon beheer.

Ons sien hier dat die demoon deur die man in die man se stem praat.

Enige demoon van bv. vervloeking, lastering, waarsêery of woede, moet die persoon se stem gebruik.

Enige gees van verslawing sal die man se lippe of gorrelgat gebruik om mee te rook of te drink.

Die seksuele perverte gees sal die man of die vrou se geslagsorgane gebruik om mee sonde te doen, te verkrag of te fornikeer.

So ook kan demone ‘n mens se liggaam gebruik om hom met siekte en ellende te teister.

Kom ons kyk na die bediening van Filippus in die tyd van die eerste kerk:

Handelinge 8:6-8;

‘En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe

hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen. Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword. En daar was groot blydschap in daardie stad'.

Ek glo dat die meeste bevrydingsessies moet vooraf gegaan word deur lering en prediking.

Daar staan dat na hulle prediking het die Heilige Gees self gekom om dit te bevestig deur tekens en wonders.

'Hulle het ag gegee op sy woorde en sy tekens'.

Dit bou nog altyd geloof en 'n verwagting.

Ons sien net weereens 'n herhaling van 'die onrein geeste wat uitgegaan het terwyl hulle met 'n groot stem skreeu'.

Opsomming:

Die hele doel van verlossing, bevryding en die uitdrywing van bose geeste, is vir ons heiligmaking.

Ons streef almal daarna om na 'n hoër geestelike vlak te beweeg, maar word so dikwels teruggehou deur iets.

Iets wat ons meestal nie ken of verstaan nie.

Om soms te vas, te bid en te worstel daarmee gee ongelukkig nie altyd oorwinning nie.

Deur iemand wat glo te kry of iemand wat in outoriteit beweeg te vra om saam te bid of om jou te bevry, is net wat jy nodig het.

Hierdie is die bediening wat almal in die kerk moet hê sodat ons die liggaam daarmee kan bedien.

Daar was oor die jare so baie sendelinge, predikers en predikante wat alles gegee het, maar nie alles geneem het nie. Hulle het hul huise, hul tyd, geld en gemak opgeoffer, maar die onbepaalde gawes van God se beloftes net nooit deel van hulle gemaak nie.

Indien jy een van dié is wat glo dat daar groot dinge op ons wag – laat ons begin.

As jy die Geneser en die Bevryder ken, gaan uit. Dis tyd vir aksie.

DEMOON-MANIFESTASIES

Wanneer demone gekonfronteer word met geestelike oorlogvoering kan daar 'n manifestasie wees. Gewoonlik is dit die demoon wat sy eie natuur demonstreer op verskillende maniere.

Demone is bese geeste van die duisternis. Hulle kan dit gladnie hanteer as hulle karakter openbaar word en hulle aan die lig gebring word nie. Die oomblik as hulle teenwoordigheid in mense openbaar word, word hulle angstig en opgewonde en kan ons hulle dan so onderskei.

Die manifestasie van bese geeste is 'n teenreaksie teen outoriteit.

Wat veroorsaak hierdie reaksie?

Slegs die teenwoordigheid van 'n persoon of 'n groep in outoriteit kan so 'n reaksie uitlok. Soms sal net die aanraking van so 'n persoon dieselfde doen. Oombliklik is daar reaksie.

So 'n persoon sal dan baie keer skreeu: 'Moet nie aan my vat nie!' Dis baie belangrik om te weet dat die persoon wat mense bedien, self nie weet wat ander gaan doen nie en óf hulle enigsins iets gaan doen nie. Al wat belangrik is, is dat dit outomaties gebeur en defnitief nie onder beheer van die bedienaar is nie.

Daar is so baie manifestasies dat ons net 'n paar gaan noem.

Die oomblik as persone manifesteer sien jy of hoor jy iets gebeur:

Daar is soms net 'n trek op die gesig,
óf die vashou van 'n plek waar nou skielik pyn ondervind word, bv.
die onderbuik of die rug,
óf die wegspring van jou af om te probeer weg kom,
óf die inneem van 'n 'gevegshouding',
óf die neerslaan op die grond.

Die graad van infiltrasie en watter bese gees dit is, bepaal die manifestasie.

Baie keer sal mense wat manifesteer, hulle oë toehou.

Eerstens omdat hulle nie die lig kan hanteer nie.

Tweedens omdat hulle bang is dat jy in hulle oë iets sal kan sien.

Derdens omdat hulle bang is vir **jou oë**. Hul sal partykeer sê:

'Ek kan nie na jou kyk nie want daar is vuur in jou oë'.

Daar gebeur nou sekere dinge met so 'n persoon:

1. Die algemeenste manifestasies kom deur **die mond en die neus**.

Om te hoës is die algemeenste. Normaalweg net 'n droë hoës.

2. Demone kan maak dat mense met **harde stemme** skreeu. Die skreeu is hard en soms aanhoudend.

Mattheus:29,

'En meteens **skreeu** hulle en sê: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig?'

Markus 1:23;

'En daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees; en hy het **uitgeskreeu**'.

Lukas 4:41;

'En duiwels het ook uit baie **uitgegaan en geskreeu** en gesê: U is die Christus, die Seun van God! En Hy het hulle bestraf en nie toegelaat om te praat nie'.

Hier is dit tog duidelik dat die demone die vermoë besit om 'n sinvolle gesprek te kan voer – terwyl hulle die persoon se stembande gebruik. Meeste mense wat so skreeu was in die okkulte betrokke of in toordery of het vloeke oor mense uitgespreek.

3. Slangtipe-manifestasie.

Satan en sy demone word genoem 'skerpioene en slange' in **Lukas 10:19**. Mense wat werklik diep in die okkulte beweeg wys dan ook vir jou slangtipe-manifestasie. Die tong word vinnig in en uit gesteeke – presies soos 'n slang sal maak.

Hulle trek ook soms hulle asem hard deur die neus in en blaas dit weer uit soos 'n sis-geluid. Dis algemeen dat mense op die grond sal val en seil soos 'n slang – terwyl die tong in en uit beweeg.

4. Die hande:

Soms word die hande oopgestrek met die vingers reguit.

Ek sê altyd dat die bewegings hard en styf is en dat die hande 'hard' is om aan te vat.

Die hande kan ook kloue maak en word oop en toe gemaak. Hierdie is gewoonlik die beweging van die geeste van seksuele wellus of selfmoord-neigings of woede. Baie geeste van arthrities en onvergewensgesindheid en bitterheid maak ook so.

(Ek moet duidelik hier noem dat daar ook manifestasies van die hande en vingers kan wees wat nie demonies is nie. Gewoonlik bewe die vingers of maak die hande sagte bewegings. Die hande is sag as jy hulle vashou.)

5. Die gees van die dood:

Sommige van hierdie mense was werklik in 'n situasie van baie naby aan dood deur bv. ongelukke, ernstige siekbed, operasies of pogings tot selfmoord.

Wanneer hierdie gees manifesteer rol hulle oë om dat jy net die wit sien, of hulle hou totaal op asemhaal en word bleek en selfs potblou. Ek het al gestaan en kyk hoe hulle gaan lê, bleek raak en dit lyk asof hulle doodgaan. Die minute wat jy soms moet staan om te kyk wanneer hulle weer gaan asemhaal, is verseker nie maklik nie! Die oomblik as die demoon so 'n persoon verlaat, haal hulle normaal asem en staan gewoonlik dadelik op.

Mense wat 'n baie passiewe geaardheid het of persone wat so depressief raak dat hulle selfmoord oorweeg, kan ook so manifesteer. Let goed op na persone wat oor die dood praat, of hulle-self in 'n kis sien lê of sien dat hulle op hulle eie begrafnis is. Spreek hierdie gees aan. Dis deel van hulle probleem – hulle wil nie meer leef nie.

6. Reuke: As sommige mense manifesteer is daar 'n onaangename reuk. Daar is baie getuienisse daarvan en die reuk is soms 'n swaelagtige skerp reuk of soms ruik dit soos kool wat jy gaarmaak. Ek het dit al geruik soos kompos of mis wat op gras gestrooi is. Die mense wat so manifesteer het soms 'n geldsteel-gees of ernstige oneerlikheid in besigheid.

Jy loop in 'n belangrike sake-vergadering in en skielik is die reuk daar. Hier moet jy mooi agterkom deur wie die reuk kom en hom identifiseer.

Daar is verseker ook 'n kankergees wat reuke kan afgee.

As jy in kankerhospitale of Onkologie-afdelings stap, kan jy dit sommer daar in die gang al ruik.

7. Gees van trots: Kan op verskillende maniere manifesteer:

Dit laat 'n persoon soms baie regop staan of sit met sy hande voor sy bors gevou/gekruis. Dan kantel hy sy kop agteroor met sy neus op in die lug.

Die gees sal dan ook vir jou sê dat hy baie belangrik is.

(Baie meer as wat hy veronderstel is om te wees)

Jy sien hom soms skielik 'n uitdagende houding inneem met hande op die heupe en dan skreeu hy vir jou: 'Weet jy wie is ek?'

Hierdie is die '**gees van belangrikheid**' wat so maak.

8. Gees van ritmiese en wêreldse dans-geeste:

Jy sal so 'n persoon skielik in die groep sien opstaan en met ritmiese bewegings begin. Sy liggaam sal ritmies begin wieg, hande wat vorentoe en agtertoe beweeg of klappgeluide maak en sy mond wat oop en toe gaan, sonder dat daar 'n klankie uitkom.

Vrouens sal ook so maak met baie klem op die swaai van die heupe. Baie sal dan na bevryding getuig dat hulle voorheen professionele dansers of sg. 'paaldansers' was.

9. Gees van pyn:

Pyn is 'n baie algemene simptome. Die pyn kan basies enige plek ervaar word, afhangende van die demoon. Persone wat migraine kry kan net daar dieselfde pyn ervaar.

Die **gees van senuweeagtigheid** manifesteer baie as erge pyn agter in die nek en kop en rug. Dan is daar die seksuele wortel pyne van die onderbuik of laag of agter in die rug.

As daar so 'n pyn-area is, lê jou hande daarop of stamp op daardie area met jou duim – dit lok dadelik die pyn uit, maar so word hulle bevry. Soms as jy so aan hulle raak begin hulle op die grond lê en krul van pyn – dit is die manifestasie.

10. Gees van lag of huil:

Persone kan skielik in 'n hoë toonhoogte begin lag of huil. Meestal hoop hulle dat jy hulle gaan jammerkry en ophou met die bevryding. Moet jou nie laat afsit van fisiese dinge nie – bly gefokus op jou bediening.

Hier is geen plek vir emosie nie. Soms kan van die geeste jou probeer intimideer deur jou te probeer uitlag.

11. Demone wat praat: (Kompulsiewe praat-gees)

Demone gebruik die mense se stemme om tyd te wen. Soms sal hulle jou wil vrae vra of net praat. Daar kom 'n tyd dat jy hulle net stil maak – baie ferm. As hulle nog iets sê, antwoord hulle net gladnie.

Bevryding:

Omdat demone baie keer deur die mond inkom, verlaat hulle ook persone baie keer daardeur. Hulle verlaat jou dan deur die mond of die neus. Omdat daar 'n groot verhouding is tussen asemhaling en demoniese werk is dit belangrik om soms vir die persoon te sê: 'Blaas jou asem hard uit'. Bevryding gebeur dan baie makliker.

As jy vir die persoon vra om uit te blaas, gebeur dit dikwels dat hulle nie kan nie óf hulle blaas met 'pap lippe' hulle asem uit. Sê dan aan

hulle om hard uit te blaas. Onthou die meeste kom uit met **hoes**. Soms sal mense in 'n gebedslyn staan en dan spontaan begin hoes – al is jy nog net vyf meter weg. Dit is defnitief bevryding.

Dan is dit belangrik om te let dan daar nog 'n paar goed met of deur hulle monde gebeur: Hulle **blaas soms hulle asem uit** met harde geluide of **diep suggeluide**. **Kwyl of spoeg** wat net uit hulle monde loop. Soms is daar **skuim** wat by hulle monde uitkom. Sommiges gaap aanhoudend en kan nie hulle monde toehou nie - die monde bly oop en kwyl.

Braking is baie algemeen. Hulle begin naar voel en bring dan op. Dit is altyd net slym of spoeg – en baie keer gemeng met bietjie bloed. Dis baie belangrik om te let dat die persone nooit kos opbring nie, al het hulle sopas 'n ete gehad. Persone wat so opbring getuig daarna dat hulle sekere middels of konkoksies geneem het voor die diens, om hulle sg. te beskerm. Baie het ook sekere toordokter- of kruiemengels in die verlede geneem met die doel om toordery te beoefen.

Sataniste bring ook so op as hulle voorheen bloed of menslike vleis geëet het.

Mense **val net om**: **Lukas 4:35**;

'En Jesus het hom bestraf en gesê: Bly stil, en gaan uit hom uit! En die duiwel het hom tussen hulle neergegooi en uit hom uitgegaan'.

Dis ook algemeen om te sien dat baie mense net na bevryding toilet toe wil gaan om te urineer.

Daar kan dan ook soms snaakse goed daar uitkom – maar dis vir 'n ander dag se lering!

Opsom: As jy die duiwel toegelaat het om in te kom, maak hy jou lelik en laat hy jou lelike dinge doen.

HOE OM SELF BEVRY TE WORD:

Dis so belangrik om te besef dat jy as Christen moet klaar maak met dinge in jou lewe.

Oor die jare het jou bagasie net meer en meer geword.

Toe jy tot bekering gekom het, het jy gedink alles sal nou regkom, maar, jou bitterheid, jou verwerping, jou kwaad, jou onvergewensgesindheid, teleurstellings en jou minderwaardigheid is nog daar.

Jy het gereken dat met tyd sal alles regkom – om Christen te wees sal maklik gaan.

Waar het dinge dan verkeerd gegaan ?

Die tyd toe jy tot bekering gekom het, het jy nooit by die draai-punt gekom waar jy met alles in die verlede klaargemaak het nie.

Die Bybel sê oor hierdie gebeurtenis: 'Kyk, alles het nuut geword', ...maar in so baie mense word alles nie mooi en nuut daarna nie.

Alles wat verkeerd gegaan het met jou emosies as kind, as jong mens, as jong getroude, het kneusings in jou lewe gelaat.

Alles wat jy aan jou liggaam gedoen het oor die jare – het letsels gelaat.

Te veel eet, drink, rook, verkeerde seks – alles bly kleef aan jou liggaam.

HOE MAAK EK DAN KLAAR ?

Daar moet 'n tydperk van reining en bevryding in jou lewe wees voordat jy geestelik sal kom op die vlak waarvoor jy geroep is.

Dis 'n tydperk van selfondersoek, self-reiniging en dan bevryding.

Die keuse bly joune.

Die belofte van God is: 'As Ek jou vrymaak, sal jy waarlik vry wees'.

Jy het nou gebed nodig – jou eie geestelike gebed.

Daar is geen krag in 'n Christen nie – slegs die krag van die Heilige Gees in hom.

Laat Hom nou toe om jou te bedien:

As jy deur die stappe gaan, sal jy volkome bevryding kry.

2 Korinthiërs 7:1;

'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring'.

Baie duidelik is die opdrag: 'Laat ons ons self..'

Die taak en keuse berus by jou – niemand anders kan dit vir jou doen nie.

Soos wat jy begin en dit regkry om die wêreldse dinge ter wille van Hom op te gee – so sal jou geloof sterker word.

Hoe begin ek ?

1 Johannes 1:9;

'As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig'.

Kom ons gaan deur die stappe:

1. Nederig word:

Laat jouself nederig word en ootmoedig jou voor God.

Hy is immers die een wat jou moet bevry deur die krag in die Naam van Jesus Christus.

2. Wees eerlik:

Moet nie wegstroom van jou probleme nie.

Moenie jou probleme 'n ander naam gee nie, bv. as jy 'n

'leuen-gees' in jou het, moet hom nie net noem: 'Ag net so 'n storieltjie bietjie verdraai' nie. (Verkleinwoordjies is gevaarlik).

3. Bely jou sonde nou:

God wil dit nog altyd so hê.

Moenie bang wees om aan God al jou vreeslike geheime te vertel nie – Hy weet dit tog lankal.

Vertel en bely alles – alles wat jy nog nooit vir jou vrou of man of predikant vertel het nie.

4. Gee jouself opnuut aan God:

Jy moet nie net hier wees omdat jy wil vrykom nie.

Nee, jy moet hier wees om God met jou hele lewe te dien.

Gee jouself aan God en sê: 'Vader God, ek het 'n trotse, rebelse lewe gely maar dit kom vandag tot 'n einde! Ek gee myself vandag weer opnuut aan U. Wat U sê ek moet doen sal ek doen'.

5. Vergewe alle ander mense:

Spreek hulle vry sodat jy kan vrykom.

Laat staan al jou haat, bitterheid, rebelsheid, hardkoppigheid, opstandigheid, rassisme en verwerping.

As jy begin, noem jou ouers eerste, want so baie bitterheid en onvergewensgesindheid is gewoonlik teen hulle gemik.

Nou ander mense. Jy vergewe nie iemand terwille van sy onthalwe nie – nee, jy doen dit om **jou** onthalwe.

6. Breek met verkeerde gewoontes en praktyke:

Alle verslawings en kontakte met verkeerde dinge en partye moet totaal gestaak word.

REDES HOEKOM ALMAL NIE BEVRYDING KRY NIE:

1. Onvermoë om volkome te bely: Algemeenste.

Jy moet Satan en sy demone haat. Jy moet werklik voel dat jy bevryding wil hê – anders gaan jy dit nie kry nie.

2. Onvermoë om te vergewe:

Jy moet net! Hoe dieper jou vergifnis, hoe beter.

3. Onvermoë om totaal te breek met verslawings en met die okkulte: Maak jou besluit - moet nie wik en weeg nie.

Verwyder alles uit jou huis wat iets met praktyke in die verlede of met die okkulte te doen het. Kry alles uit:

Die musiek, die 'posters', oosterse beelde, sekere Afrika-kuns.

4. Nie desperaat genoeg nie:

God wil hê dat jy 'n beter en dieper verhouding met Hom moet hê.

Kom net by die punt uit, want jy sukkel nou lank genoeg.

5. Teologiese redes:

'Ek het geleer bevryding en reiniging is nie meer nodig nie'.

'Ek sal tog kan vrykom'.

'n Goeie Christen soos ek kan tog nie regtig probleme hê nie!'.

HOE OM JOU BEVRYDING TE BEHOU:

Hoofdinge wat jy na bevryding moet doen:

1. Maak Jesus werklik koning van jou hele lewe:

Die oomblik dat demoniese magte en bindinge uit die verlede uit jou uit gaan, bly daar 'n vakuum agter.

Maak seker waarmee jy dit vul – laat dit met die Vrug van die Heilige Gees wees.

Bly sterk want die boosheid van die verlede sal verseker wil terugkeer. Maak seker dat jou huis nie leeg staan nie!

2. Trek die kleed van lof aan:

Prys die Here aanhoudend en die Satan sal van jou af wegbly.

3. Trek die volle wapenrusting aan: *Efesiërs 6.*

Dit beskerm jou teen die bose.

4. Lewe uit God's Woord:

Bly weg van snaakse opinies, teologiese uitleggings en sosiale geleenthede en slim stories.

5. Onderwerp jou aan God, en weerstaan die duiwel:

Jakobus 4:7. Die orde is belangrik – moet asb nie eers die duiwel probeer weerstaan sonder om aan God gehoorsaam te wees nie.

6. Kom in regte Christen-kring in:

Jy kan nie verwag om skoon te bly indien jy nie werklik in die lig wandel nie.

Kom weg van die donker verlede, verander en laat alles nuut word.

7. Kom onder dissipline:

Om ongedissiplineerd te lewe maak jou kans om te oorwin slegter.

Einde

